



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass



Jaargang 20 no 1
Desember/Januarie
2011

- Christus die Koning 2
- Loofhuttefees: riglyne vir ontspanning en vermaak ... 3
- Hoe rus ons in voorbereiding vir die ewige rus? 6
- Ons gaan bos toe 7
- Kerknuus 9
- Die doop verstrengel in dogma? 11
- Die aard en die belang van die tweede diens as leediens 13
- Dienende mannen en vrouwe 16
- Praktiese riglyne vir mediese noodgevalle 18
- Iets vir die Desember-vakansie 20
- Lausanne III 23
- Boekenuus 26

ONTSPANNING en VERMAAK

Die somervakansie is weer hier. Ons mag weer ontspan na 'n jaar van harde werk. Ja, ons mag dit doen - God gee ons daardie geleentheid. Maar hoe vul ons die tyd dan in? Wat gaan ons hierdie vakansie doen? Dit is vrae waarna ons wil kyk in hierdie uitgawe van Kompass.

As dit vakansie tyd is probeer baie mense weg te gaan om te ontspan. Dalk by die see, in die berge of in die bosveld. Ander gaan kuier by familie elders in die land of wêreld. Nog ander gaan toer ander wêrelddele. Daar is nie reg of verkeerd met enige van hierdie nie. Die vraag is egter wat mens doen terwyl mens op vakansie is. Weer die vraag - hoe vul ons die tyd in? Hoe dien ons God tydens ons vakansie?

Daar was 'n tyd - en dis nie eers so lank terug nie - toe mense aangespreek is as hulle op 'n Sondag weg was. Die plig van elke gemeentelid om die onderlinge byeenkomste nie te versuim nie (Heb 10:25) is so gesien dat mens eintlik nooit mag weg bly nie, met uitsondering van die wat mediese versorging verskaf en natuurlik as mens self siek is. Ons kan onself afvra wat verander het? Het ons afgedwaal? Het ons laks geword? Of leef ons nou meer vanuit ons Christelike vryheid? God vergader nie slegs sy kinders by ons eie gemeente nie, maar sy volk is orals. Dit is dus mooi om tydens vakansie 'n ander gemeente op te soek om saam met hulle God te aanbid. Maar wat van plekke waar daar nie so 'n moontlikheid is nie? Kan mens die Sondag dan maar laat verby gaan? Nee, beslis nie. God het die Sabbatdag afgesonder van die ander dae en ons opgedra om dit te vier. Ons moet dus tyd daarvan maak en die Sondag spesiaal inkleur deur as gesin en vriende bymekaar te kom om God spesiaal te aanbid.

Ons gaan op vakansie om te ontspan. Om weg te breek van ons daaglikse werk. Selfs om weg te breek van ons kerklike kommissies. Maar ons mag nooit vakansie hou van ons geloof en ons verhouding met God nie. Hy is die rede vir ons bestaan. Alles is uit Hom en tot Hom. Ook ons vakansie tyd. Net soos die vakansie 'n Pa meer tyd gee om met sy kinders te speel, so kan ons die vakansie ook benut om ons verhouding met God te versterk. Ons kan die tyd benut om Hom beter te leer ken, beide uit sy Woord en uit die boeke van die natuur en kultuur. God is orals, ons moet net ons oë oopmaak en Hom raaksien. Let wel, ons moet dit doen. As ons nie oppas nie, dan word ons so afgelei en dan verloor ons God uit die oog.

Mag God ons almal vashou en versterk in ons geloof hierdie vakansietyd.

Die Kompass redaksie wens almal 'n goeie vakansie toe en bid vir God se bewarende hand op die paaie sodat almal aan die einde van die vakansie veilig by die huis mag kom.

Willemien Kleijn is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

CHRISTUS DIE KONING

Uit die Bybel

Die heil van onse God

Op Kersdag sing ons soms in die kerk by die aanvang van die erediens uit Psalm 98, spesifiek die tweede strofe: "Hy het gedink aan sy genade, Sy trou aan Isr'el nooit gekrenk." En dit is inderdaad 'n pragtige begin. Om so te kan sing van die verbondstrou van ons God. Dit gee onmiddellik 'n tipering van die gebeure wat ons daardie dag herdenk.



Psalm 98 is een van die koningspsalms. Die HERE het Koning geword. Sy mag skitter tans. Daarom moet 'n nuwe lied gesing word. 'n Lied wat opnuut God se mag en trou besing wat elke môre nuut is (Klaagl 3 : 23). So kan ons reeds by die aanvang van die Kersdag ons geloof in die vervulling van die beloftes deur ons Koning bely. Wat beteken hierdie belydenis? In die eerste drie verse van Psalm 98 word gepraat oor die *heil* wat God toon en wat ons kan opmerk. Dit kan ook weergegee word met oorwinning. Maar dit sê tog nie alles nie. Oorwinning beteken in die eerste plek dat God se vyande verslaan word. Hulle kan nie teen Hom standhou nie. Maar *heil* sê ook dat God se kinders "geheel", gered sal word. En daarvan praat ook die naam Jesus, wat ons *Heiland* is.

Die Heer van skepping en herskepping

Toe God die mens geskep het, het Hy gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen 1: 28). Die bekende *kultuuroopdrag*. Die mens het 'n koninklike opdrag gekry. Maar hierdie opdrag is skandelik verwaarloos. 'n Ander sal kom en in Adam se plek die koninklike mag weer laat sien. Ons praat tans oor die Ander. Maar as Jesus in Betlehem gebore word, blyk dan iets van daardie koninklike mag? Hierdie vraag moet nie onmiddellik negatief beantwoord word nie. In Filippense 2:6 en 7 staan: "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword". Die Seun van God het *self* besluit om die pad van ontleding te volg. Hierdie besluit laat sy koninklike mag sien. Dit was nie 'n lukraak beslissing nie. Ons lees die uitvoerigste oor die geboorte van Jesus in Betlehem in Lukas 2. En die opmerksame leser kan daar sy koninklike status ontdek. Want selfs die Romeinse keiser moes meewerk om die beloftes van God in vervulling te laat gaan. En in die trant van 'n Koning word in dieselfde nag sy geboorte deur 'n engel aangekondig. Die geboorte beteken immers blydskap vir die hele verbondsvolk (*laos*). En die heerlijkheid van die HERE omstraal die herders as die boodskap aan hulle verkondig word.

Die woord *heerlikheid* herinner aan die heerlijkheid, die *sjegina* wat op die ark binne die tabernakel gerus het. Dit was 'n teken van God se uitstralende Koningsheerskappy waaronder die lewe weer gaan juig en blom. In die verlengde van die engel se boodskap kom 'n hele leërmag van engele om God te eer. "Ere aan God" – wat moontlik ook vertaal kan word met "heerlikheid aan God", wat dan 'n verdere bekragtiging is van die woorde van die een engel. En let daarby ook op die woord "leërskaer" soos ons vertaling daarvan melding maak. Dit was soos soldate wat 'n erewag vertoon het. Valse romantiek is dikwels 'n verandering om raak te sien dat die Seun van God ook in sy Koninklike amp aarde toe gekom het.

Priester-Koning

Met dit alles kan en wil ons die geboorte onder baie eenvoudige omstandighede nie wegpraat nie. En die lewe, lyding en sterwe wat daarna gevolg het, nog minder. Daarop moet juis met alle krag gewys word. Want ja, Christus het gekom in die gestalte van 'n dienskneg. Maar dit is nog geen vernedering nie. As 'n vorstelike persoon *inognito* 'n reis onderneem, beteken dit nog geen vernedering nie. Maar as hy op daardie reis verneder word en hom laat verneder, dan lê daarin skande en veragting opgesluit. En dit het gebeur met ons Heiland. Hy is verag, en ons het Hom nie geag nie. Want die skuld wat op ons rus, het Hy op Hom geneem. So was Hy nie net Koning nie, maar ook Priester. Hy het die offer van sy eie lewe gebring.

Die evangelie van die Priester-Koning neem 'n baie belangrike plek in die Bybel in. Sowel in Mattheüs 22 as in Markus 12 en Lukas 20 wys Jesus as 'n laaste woord aan die Fariseërs op Psalm 110 waar Dawid van homself afwys en die aandag op sy Heer rig. Dawid was alleen koning en kon dus sy volk nie in alle opsigte na behore lei en versorg nie. Daarvoor was die mag van die sonde en van Satan te groot.

Daar moes Iemand kom wat nie net Koning was nie, maar ook Priester. Wat met sy eie bloed en lewe kon betaal. En eintlik praat die hele Ou Testament daaroor. Dink maar weer aan Genesis 3:15 – die vyandskap wat gestel word. Dit is 'n soort tema deur die hele Bybel.

In Genesis 14 word baie kortliks op die figuur van Melgisédek gewys – priester-koning van Salem. Ondanks die min woorde wat hieraan gewy word, kry ons tog 'n motief wat aanhou. Nadat die HERE sy volk uit die mag van

Farao bevry het, vernuwe Hy sy verbond by die Sinaï. By daardie geleentheid het die HERE vir sy volk gesê: "Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees". (Ex 19:6)

In die lewe van die volk Israel was daar aparte profete, priesters en konings. Maar in elke geval neem Psalm 110 die tema van die priester-koning weer op en ons kry dit ook nog op 'n paar ander plekke, soos in Sagaria 6.

Soos reeds gesê, vorm die motief van die priester-koning die afsluitingswoord aan die Fariseërs. Psalm 110 word ook deur Petrus gesitueer in sy pinksterpreek. In die boek Hebreërs vorm dit eweneens 'n belangrike motief. Ook in Openbaring 1 kom dit terug as onderdeel van die seënbede. "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid" (Openbaring 1:5 en 6).

Na heerlijkheid gelei

Dit is vir ons baie belangrik en troosvol om daarop te let dat die Christus sy volk saamneem in sy werk van heling en oorwinning. Dit kan selfs nie anders nie, want juis daarvoor het Hy gekom. In Hebreërs 2 lees ons oor God wat die mense wat Hy geskep het en van Hom afvallig geraak het, weer na die heerlijkheid wil lei. Sien ons dit vandag? Nee, maar ons sien Hom, Jesus – wat wel vir 'n kort tyd verneder was – met eer en heerlijkheid gekroon. Hy het die vernedering en die dood gesmaak om baie kinders na die heerlijkheid te lei. Sodat hulle uiteindelik saam met Christus as konings sou heers tot in alle ewigheid. Dit is die Kersevangelië wat ons ook tans wil bely, ondanks afval en valse godsdiens. Mag die HERE ons hierin seën.

Klaas Bijzet is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

LOOFHUTTEFEES : riglyne vir ontspanning en vermaak

Tema : Ontspanning & Vermaak

Die term vakansie beteken iets soos: leeg, ofte wel: die werksplek is leeg, iemand is vir 'n tyd van diens af. Wie met vakansie gaan of met verlof is, is dus 'n tyd van diens af. Die redaksie het aan my gevra om te kyk of daar 'n verband is tussen wat ons vandag ken as vakansie en die Loofhuttefees van die Ou Testament. In Israel moes die volk vir sewe dae fees vier en alle beroepsarbeid staak. Het

die Loofhuttefees vir ons betekenis in terme van vakansie? Watter betekenis het die Loofhuttefees vir ons vandag? Om antwoorde hierop te vind, sal ons dus allereers die Loofhuttefees van nader moet beskou.

Loofhuttefees

Die Loofhuttefees is gevier vanaf die 15de tot die 22ste dag van die 7de maand, Tisri. 'n Fees van sewe dae. Die derde van die

groot feeste in die volk Israel se "kerklike jaar" (Lev 23 en Deut 16). In Israel was dit aan die einde van die somerseisoen, teen die tyd dat die herfs sou aanbreek. Dit was die tyd wanneer die hele oes binnegehaal is. Die saaiers kon nou blye maaiers wees. Van die dorsvloer en wynpers (Deut 16:13) het die volk God se seën sien binnekom. Slegs vyf dae na die Groot Versoendag. Juis omdat die Groot Versoendag ('n dag van veroot-

moediging) die fees voorafgegaan het, kon die lewe opbloeï en die blydskap 'n hoogtepunt bereik.

Trompette

Op die feestye – en dus ook op die Loofhuttefees – en ook op ander tye moes die seuns van Aäron, die priesters, op die twee silwer trompette blaas. Die volk is in gedagtenis gebring by God. 'n Handeling met groot betekenis. (Num 10:1-10)

Die hele volk

Die hele volk moes op die fees aanwesig wees (Deut 16:14). Niemand mog uitgesluit word van die feesvreugde nie. Die vreugde in die Here was vir almal bedoel. In die liefde tot God en die naaste was die een die ander nie voor nie, soos Paulus by geleentheid die gemeente van Korinthe moes vermaan omdat hulle mekaar by die liefdemaaltye uitgesluit het (1 Kor 11).

Loofhutte

Verder moes die hele volk vir sewe dae in loof(blare)hutte woon. Hulle moes op die eerste dag takke van digte bome gebruik om 'n hut te maak waar hulle die sewe dae feestelik deurgebring het. Dit het hulle herinner aan die woestynreis nadat die Here hulle uit Egipte – uit slawerny – bevry het. Die werk van God is feestelik herdenk. Die loofhutte het dus 'n diepgaande geestelike betekenis gehad.

Die werk van God is feestelik herdenk

Offers

Op die fees moes allerhande offers gebring word (Lev 23:37): brandoffers, vuuroffers, spysoffers, drankoffers, slagoffers. Die volk mog nie met leë hande voor die aangesig van die Here verskyn nie (Deut 16:16). Hulle moes die Here dien met alles wat

hulle van Hom ontvang het, namate Hy hulle geseën het. Wat het al hierdie offers beteken? Dit kan hoofsaaklik onder die noemer van dankoffers gebring word. Dit is offers wat uiting gee aan die blydskap vanweë die versoening en ook vanweë die seëninge wat God gegee het. Simbole van die herstelde vrede met God, die herstelde gemeenskap met God en met mekaar. In die herstelde gemeenskap beteken die brandoffer dat die offeraar homself volledig aan die Here toewy. Dit het die diepgaande verbond van vrede van die Here met sy volk weerspieël.

Geen beroepsarbeid

Die volk mog geen beroepsarbeid doen nie. Die Here het hulle op dié manier vrygestel van die gewone gang van sake, sodat hulle hulself met hart en siel volkome en met blydskap aan Hom kon toewy. Hulle mog geniet van die werk van hulle hande (Deut 16:15). Die "vrugte van die land" (olywe, druiwe, ens) het die feestelikheid net verder verhoog. Die Prediker het dit mooi onder woorde gebring: Prediker 2:25 : *Want wie kan eet en wie kan geniet sonder Hom?* Prediker 3:13 : *En ook -- dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God.* Prediker 5:17 : *Kyk, wat ek as 'n goeie ding gesien het, wat voortreflik is, is dat iemand eet en drink en die goeie geniet vir al sy arbeid waarmee hy hom vermoei onder die son gedurende die getal van sy lewensdae wat God hom gee; want dit is sy deel.*

Bidstond

Uit Sagaria 14:16-19 blyk dit dat die volk ook op die fees gebid het vir die nuwe seisoen. Hul afhanklikheid van God het daarin navore gekom. Saaityd en oestyd is nie vanselfsprekendhede nie.

Die Here sorg in sy voorsienigheid daarvoor.

Wetvoorlesing

Nou was dit nie alleen maar fees nie. Elke sewende jaar, in die jaar van kwytskelding, moes die wet aan die volk voorgelees word. Dit was nie maar net die tien woorde van God nie. Die hele boek Deuteronomium het aan die orde gekom (Deut 31:9-13). In Nehemia 8 vind ons 'n beskrywing van so 'n gebeurtenis. Die Priesters en Leviëte het die wet duidelik voorgelees en verklaar sodat die volk verstaan het wat voorgelees is (Neh 8:9).

Samehang van Sabbat en feeste

Nou is daar nog 'n belangrike saak wat ons in gedagte moet hou. In Deuteronomium 16 word die vierde gebod veral uitgewerk ten opsigte van die jaarlikse feeste (Paasfees, Fees van die weke/eerstelinge, Loofhuttefees). Ons moet daarom nie die feeste onderling en die sabbatte uitmekaar haal en as losstaande beskou nie. Die onderskeid is daar, maar daar is 'n duidelike samehang tussen sabbatte en feeste. Wat is die gemeenskaplike tussen sabbat en fees? Seker tog dit dat die heilswerk van God herdenk word, dat God daarop en daarin die volk van sy verbond onderrig en ook dat die volk hul Here dank met hul offers vir sy werk van verlossing en seën.

Nuwe-Testamentiese perspektief

Die Pasga en Paasfees wat altyd in die eerste maand gevier is, is vervul toe ons Here Jesus Christus sy versoeningswerk op Golgota gedoen het. As Lam is Hy in ons plek geslag. Deur sy dood het daar vir ons versoening gekom. Daardeur is ons vrygemaak. Ons word geregverdig. Die Fees van die weke of eerstelinge wat altyd 50 dae

(sewe weke) na Paasfees gevier is, in die derde maand, Sivan, is vervul toe die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is. Tien dae na die hemelvaart van ons Here. Hy is die ander Trooster wat deur ons Here beloof is toe Hy nog op aarde was. Hy het gekom om ons die nuwe lewe in Jesus Christus deelagtig te maak. Jesus Christus is die Eersteling van dié wat ontslaap het (1 Kor 15:20). Die Heilige Gees maak werk van die hele oes. Deur sy werk kom ons tot geloof en lewensvernuwing.

En die vervulling van die Loofhuttefees? Wel, sonder meer kan dit verbind word aan die werk van ons Here Jesus Christus, wat sy volk bevry het uit die slawerny van die sonde. Maar daar is nog meer!

Want wie kan eet en wie kan geniet sonder Hom?

Oestyd

Daar moet nog 'n perspektief na vore kom. In Johannes 4:35 en 36 sê ons Here Jesus die volgende: *Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaiers en die maaiers saam bly kan wees.*

Met die koms van die Heilige Gees gaan die evangelie na alle volke. Die velde is wit en ryp vir die oes. Die tyd vanaf Pinkster tot die Wederkoms mag ons sien as die oestyd. Ons leef dus nou in die oestyd. Die hele oes is egter nog nie binne nie. Die tyd van volmaakte vreugde het nog nie aangebreek nie. Wat wel seker is, is dat ons vandag mag lewe met die beginsel van die ewige vreugde. Ons Here Jesus staan borg daarvoor.

Die onderliggende simboliek en beginsels van die Loofhuttefees het allereers betekenis vir ons hele lewe

Betekenis

In NGB artikel 25 bely ons dat die seremonies afgeskaf is. *In Christus het alle voorafskaduwings tot 'n einde gekom. In Hom het die seremonies en heenwysings hul vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuigenisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig. En ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.*

Is daar 'n verband tussen die Loofhuttefees en vakansie? Ek meen dat ons dit allereers soos volg moet sien. Die feeste en sabbatte van die Ou Testament is vervul in Jesus Christus. In sy

versoeningswerk en deur die koms van die Heilige Gees ontvang ons verlossing en die nuwe lewe deur geloof in Jesus Christus. Ons hele lewe mag gestempel word deur dankbaarheid en blydschap oor die werk van ons Here Jesus Christus. Daarom sal ons onself volledig aan Hom toewy. Die onderliggende simboliek en beginsels van die Loofhuttefees het allereers betekenis vir ons hele lewe. Vir die lewe van elke dag. Vir Sondag en Maandag. Vir erediens en lewensdiens. En dus is dit nie anders as ons vakansie hou nie. Ons vind dus in die Loofhuttefees nie 'n regstreekste opdrag om vakansie te hou nie, maar wel sal die Ou-Testamentiese feeste en sabbatte wat deur ons Here Jesus in vervulling gegaan het, aan ons vakansie of verlofdae net soos aan alle ander dae 'n diepgaande geestelike karakter gee. 'n Geestelike karakter waarin die feestelikheid nie ontbreek nie.

Freek van der Meer is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.



Ons bid al ons lesers 'n Geseënde Christusfees en 2011 toe.

HOE RUS ONS in voorbereiding VIR die EWIGE RUS?

Tema : Ontspanning & Vermaak

Inleiding

Die lang somer-skoolvakansie lê voor. Ons kry weer geleentheid om te rus van die besige gejaagde lewe. Hoe hard ons ook probeer om nie saamgesleur te word in die wêreldse gejaag na altyd meer, altyd beter, altyd vinniger nie, ons kan die realiteit daarvan nie ontken nie.

Maar hoe rus ons dan? Baie van ons het die geleentheid om weg te gaan – see toe, berge toe, plaas toe, waar dan ook al – om te kan rus van ons daaglikse verpligtinge. Ander geniet die rus tuis. Of dit nou weg is of by die huis: vakansies het dikwels baie vrye tyd wat positief gevul moet word. Die artikel fokus op wat ons maak met ons vrye tyd – en dan spesifiek by die huis.

Meer vrye tyd

Gedurende skoolvakansies gaan staan baie dinge stil: geen skool meer nie; geen buitemuurse aktiwiteite nie; geen Bybelstudie nie; geen katkisasie nie; alle kommissies en kerkrade is op bystand. En dit maak dat ons baie meer tyd het wat ons op ander maniere as “kerk en werk” moet invul. Gaan ons heeldag videospelletjies speel of televisie kyk of gaan ons net heeldag ons stokperdjie of sport beoefen? Hoe en vir wat gaan ons ons vrye tyd gebruik?

In 1 Korinthiërs 10:31 lees ons: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.” Dus ook ons vrye tyd moet dien tot verheerliking van God. En dit

bring mee dat ons definitiewe besluite sal moet neem oor die benutting van tyd, óók tydens die skoolvakansie. Ons moet onself doelbewus afvra wat ons gaan doen en verantwoordelikheid aanvaar vir ons doen en late.

Selfondersoek

Daar is sekere vrae wat ons onself kan afvra wanneer ons moet besluit wat ons gaan doen en wat nie. Hoekom wil ek dit doen? Watter doel sal dit dien? Sal dit myself en ander in Christus opbou? In 1 Korinthiërs 10:23 lees ons: “Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.” Indien ek my kinders toelaat om heeldag rekenaar-speletjies te speel, kan ek met oortuiging sê dat dit opbouend is? Die kind sou dalk sekere vaardighede aanleer, soos hand-en-oog-koördinasie, beter refleksie hê en probleemoplossingstrategieë aanleer (en geduld aanleer – as die rekenaar `n bietjie oud is ☺).

Die negatiewe impakte van video-en rekenaar-speletjies kan egter nie ontken word nie: gewelddadigheid en desensitisering. Natuurlik hang dit af van wat jy speel – maar selfs op die oog af onskadelike speletjies kan verslawend wees en individualisme kweek. Te veel van enigiets is nie goed nie.

Sou dit nie baie meer opbouend wees as ek en my kind saam koekies bak vir `n siek tannie nie? Jou verhouding met jou kind word gebou, iets wat belangrik is wanneer jy jou kind ook meer van

God se liefde vir hom wil leer. Jy leer jou kind om ander se nood raak te sien en om mededeelsaam te wees – ook opdragte van God. Daarby leer jou kind ook sekere vaardighede.

Heiligmaking

Die volgende vraag is of die aktiwiteit my help of verhinder om `n heilige lewe te lei. Ons kan hier byvoorbeeld kyk na `n man wat met sy vriende wil gaan sokker speel terwyl hy eintlik tyd moet inruim om aan die verhouding met sy vrou te werk. Op sigself is daar niks verkeerd met `n spel sokker nie, maar as dit veroorsaak dat sy huwelik daaronder ly, dan help dit hom nie met `n heilige lewe nie. Hy sal die sokker moet laat staan en na ontspanning soek wat hy en sy vrou kan deel en sodoende aan hul verhouding werk.

Christelike vryheid en ons naaste

`n Verdere belangrike vraag is of die spesifieke aktiwiteit sal veroorsaak dat ander struikel. 1 Korinthiërs 8:9,10 lui soos volg: “Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien `n struikelblok word vir die wat swak is nie. Want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in `n afgodstempel, sal sy gewete, as hy `n swak man is, nie aangemoedig word om van die offervleis aan die afgode te eet nie?” Indien `n aktiwiteit wat moreel neutraal is, `n medegelowige sou laat struikel, sal ons dit onself moet ontsê. `n Klassieke voorbeeld is om nie wyn of alkoholiese drankte te bedien wanneer jy weet dat daar iemand

aanwesig is wat 'n alkoholis was nie. 'n Ander voorbeeld wat dalk nader aan die meeste van ons is, is wanneer ons op 'n Sondag kuier saam met medebroeders of -susters wat oortuig is dat dit verkeerd is om op 'n Sondag te swem. Is daar dan nie baie ander ontspanningsaktiwiteite wat ons sou kon doen in plaas van swem nie?

Verslawing aan stokperdjie

Ons moet onself altyd afvra of ons ontspanning ons bind en of ek beheer sal verloor. In 1 Korinthiërs 6:12 lees ons: "Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie." Wanneer jou stokperdjie vir jou so belangrik word dat jy nie tyd inruim vir God, jou gesin en ander mense nie, dan oorheers dit jou. Lekker kreatiewe ontspanning soos skilder of naaldwerk word dan selfgerig en God word nie meer daardeur verheerlik nie. Inderwaarheid kan dit dan jou afgod word.

Gewetensvrae

Skend dit my gewete? – Romeine 14:23: "Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie

uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde." Die Voëlpark by Monte Casino is blykbaar pragtig en mense gaan graag op 'n uitstappie daarheen. Die dobbel- en vermaakatmosfeer wat daar is, laat my egter ongemaklik voel en dan begin ek twyfel of ek by die plek hoort te wees. Romeine 14 is baie duidelik daaroor dat as jy twyfel, jy dit moet los.

Nog 'n paar algemene vrae is: Watter kleredrag word vereis? Hoe duur is dit? Watter indruk maak ek op ander wat aan die aktiwiteite deelneem? (Fil 4:8)

Selfgerigtheid

En dan die bekende vraag na aanleiding van 1 Johannes 2:5,6: "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." Is die voorbeeld wat ons vir ander stel, dieselfde voorbeeld as wat Christus vir ons gestel het? Ons lewe nie vir onself nie, ons lewe om Christus te eer. Die wêreldse vorme van ontspanning is geneig om baie individualisties te wees: Jy werk baie hard om so veel as moontlik te verdien sodat jy soveel as moontlik lekker dinge kan doen – alles vir jouself.

Verhouding met God

'n Ander aspek wat ons hierdie komende vakansie moet oorweeg, is ons verhouding met God. Hoe graag wil ons Hom ken en dien? Sal ons in die vakansietyd nie meer aandag moet gee aan Bybelstudie, gebed en om Hom te dien met die geestelike gawes wat Hy ons gegee het nie? Wanneer ons meer aandag daaraan gee, sal ons ook beter kan onderskei wat goeie tydsbenutting is. Ontspanning en vermaak is immers nie net 'n gegewe nie. Ons ontvang dit uit God se Hand en daarom moet ons Hom daarvoor dank (Kol 3:17). God gee ons tyd om fisies te rus, maar ook om vernuwe te word en te groei in ons geloof sodat ons eendag die ewige rus mag ingaan! Ons moet dit onthou as ons ons ontspanning beplan en God daarvoor dank!

ONS GAAN BOS TOE

Tema : Ontspanning & Vermaak

Weg! Weg van die stad se gemaal en gewoel. Weg van die werk se gemaal en gewoel. Weg van die skool se gemaal en gewoel. Nog 'n jaar se gemaal en gewoel is agter die rug. Ons is moeg. Ons het rus nodig...

Baie van ons het die geleentheid om te gaan ontspan, al is dit maar vir 'n paar dae. Daar is baie opsies om van te kies: berge, die see, wildsparke... Ons gaan die natuur in. Of sommer net in kort: *Ons gaan bos toe.*

En terwyl jy hierdie vakansie daar op die strand sit, 'n berg uitklim of by die watergat na 'n trop buffels sit en kyk, laat maar die gedagtes 'n bietjie loop. Die natuur is nie net soos wat 'n mens dit sien nie. Daar is meer en in hierdie artikel wil ek graag 'n paar gedagtes met u deel.

Die natuur is niks beter as enigiets anders nie
Met die pragtige dinge wat ons in die natuur beleef en die mooi vakansies wat ons daar het, verg dit soms 'n klein sprongetjie om te dink dat die natuur goed is en al die gewoel in die stad, in die ekonomie

en in die werksplek maar sleg is. Dit is egter 'n valse teenstelling. God het die hele skepping gemaak en gesien dat dit goed was. Alles wat in die skepping is, behoort aan Hom. Dit sluit die pragtige natuur in, maar ook die stede, die tegnologie, die kantore en die fabriek. Alles is syne en niks is inherent bo iets anders verhewe nie. Goed en sleg is nie verskillende dinge of afdelings in die skepping nie. Goed en sleg is die gerigtheid van ons harte. *Goed* is harte wat op Hom gerig is, *sleg* is harte wat nie op Hom gerig is nie. Ná die sondeval loop goed en sleg deur alle aspekte van die skepping heen.

Die natuur is nie 'n plek om van weg te vlug nie

In die verlede was Christene dikwels daaraan skuldig om dele van die natuur te vernietig omdat dit met heidense rituele vereenselwig is. Die natuur, altans dele daarvan, is as bedreigend gesien. Deesdae, in die tyd waar tegnologie aktief meeding om ons vrye tyd, is die gevaar eerder dat ontspanning in die natuur as ouderwets beskou word. "Dis so 1990's om te gaan stap!" "Dis so simpel om na 'n klomp diere te gaan kyk!" "Tuinmaak is net vir spesialiste!" Nog 'n ander gevaar is om so behep te wees met ons eie persoonlike verlossing dat ons geen oog meer het vir die mooi skepping om ons heen nie. Dit gaan tog mos eendag verbrand? (2 Petr 3:10)

In al hierdie voorbeelde word die natuur nie waardeer vir wat dit is nie. Erger nog, die Skepper van dit alles word misken. Die natuur sing God se lof en ons word uitgenooi om hierdie skouspel saam te gaan beleef. Dan kyk 'n mens tog anders na die branders wat breek, die majestueuse rotsformasies en die darterende suikerbekkies, selfs al kan stap, wildsritte of tuinmaak jou nie juis opgewonde maak nie.



Die natuur is nie net iets vir 'n klomp greenies nie

"Groen is maar gek, hoor. Al daardie mal idees om die vryhede wat ons in die ekonomie, in ons stede en in ons werkplekke het, te beperk". "Groen is

gevaarlik, pasop vir al die *New Agers* en heidense panteïste in daardie beweging. Christene, bly weg, moenie aanraak nie!" Woorde vol vrees, en intussen word ons nog verder weggedruk uit 'n deel van God se geskape werklikheid. Alles behoort aan die Here en geen vierkante sentimeter van sy skepping val nie onder die verantwoordelikheid van die mens, as God se kroon van die skepping, nie. Moenie dat ons die baba (natuur) saam met die badwater (*New Age*) uitgooi nie.



Die natuur is 'n manier om God te ken

Uit die natuur kan ons God se groot werke sien. Geen mens het 'n verskoning om God nie te ken uit sy werke nie (Rom 1:20). Die NGB Artikel 2 verwoord dit mooi: *Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God ... duidelik laat sien.* Lees die boek van die natuur met volle oorgawe! God se werke is hierin opgeskryf.

Die natuur is nie die enigste manier om God te ken nie

Kennis van God in die natuur kan alleen dien om die mens se verskoning weg te neem om God nie te ken nie, maar is geen saligmakende kennis nie, skryf Calvyn in sy verklaring van die Romeinse-brief. Die boek van die natuur word so dikwels gelees, maar nie met die bril van die geopenbaarde wil van God, die Skrif, op nie. Ons sien God orals in die natuur, maar ons kennis van Hom kan net sterker word en groei deur sy geopenbaarde Woord. Die Woord was daar van die vroegste tye af aan, selfs al voor die skepping. Die hele skepping is omvou deur die Woord. Ons Bybels moet bly oopgaan terwyl ons gaan vakansie hou in die natuur.

Die natuur is ook deur die sondeval en die verlossing geraak

Die natuur is, soos die mens, goed geskape, het saam met die mens in sonde geval en word, soos die

mens, deur Christus se verlossing weer herstel. Die sonde woed voort, ook in die natuur. Paulus verwoord dit pragtig in die brief aan die Romeine. Die hele skepping sug en is in barensnood (Rom 8:22). Die hele skepping is verlos en sien uit na die voleinding. Die vaste hoop wat hierin opgesluit lê, is 'n volledige herstel, 'n ongeskonde harmonie en orde (aldus Calvyn, Rom 8:21). In Christus is alle dinge geskape, "Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand" (Kol 1:16-17). Die skepping in haar ryke volheid is nie iets apart nie, maar is volledig in Christus. Die verbond met Noag, met sy familie, met sy nageslag en met alle lewende wesens (Gen 9) het in Christus volmaaktheid bereik. Laat die grootsheid hiervan op ons inwerk. God laat nooit vaar die werke van sy hande nie.

In die natuur, met Christus bekleed

Terwyl ons in die natuur vakansie hou, bly ons kinders van die Here. Om met Christus bekleed te wees (Gal 3:27), is 'n houding, 'n gerigtheid van hart, soos geskrywe deur die Gees van die lewende God self (2 Kor 3:3). Dis nie iets wat net op Sondae, net in die kerk, net tuis gebeur nie. Dit gebeur alle dae van die week, ook terwyl ons weg is en in God se natuur mag ontspan. Die natuur is nie 'n laaste *frontier of freedom* waar ons maar onself kan oorgee aan ons sondige aard om sinloos dood te maak, te vernietig en onself oor te gee aan bandeloosheid nie. Die vrugte van ons geloof moet deur die hele skepping geniet kan word. Om beter oor die skepping te kan heers, kan ons ook sulke geleenthede gebruik om beter te leer verstaan en te

respekteer hoe God alles gemaak het en dit nog steeds onderhou.



Vaste hoop en verkykers

Wie weet, as 'n mens genoeg oplet, mag ons dalk nou al begin sien wat dit beteken dat *die skepping aan die nietigheid onderworpe [is]...in die hoop dat die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God* (Rom 8:21).

Hierdie vaste hoop is nou al in die hele skepping te sien.

Neem u verkyker saam.

Martin de Wit is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

KERKNUUS

Kerknuus

Suid-Afrika - korrespondent : Ds Pieter Boon



Einde September het daar 'n **predikanteseminaar** plaasgevind naby Rustenburg. Dis nou al 'n paar jaar tradisie dat alle predikante en

teologiese studente uit die kerkverband een keer per jaar vir 'n paar dae saamkom om 'n onderwerp te bespreek. Die onderwerp vir hierdie jaar se kamp was *postmodernisme*. Verskillende lesings is gehou, soos:

- *Die drieling postmodernisme, pluralisme en New Age*
- *Postmodernisme en die sg ontluikende kerk-beweging*
- *Wie is bang vir postmodernisme?*

Dit is die bedoeling dat hierdie lesings in aangepaste vorm binnekort ook in *Kompas* 'n plekkie sal kry. Behalwe vir die lesings was die informele gesprekke ook baie waardevol. In ons kerkverband is die predikante uit verskillende lande afkomstig, praat verskillende tale en het verskillende kulturele



Predikanteseminaar naby Rustenburg

agtergronde. Juis deur so 'n kamp kan 'n mens mekaar beter leer ken en vertrou. En om nie te vergeet nie, een onderdeel was ook 'n besoek aan die jeugkamp. Want die jeug van die Pretoria-gemeentes het daar naby ook hulle kampie gehou. Dit was 'n heerlike middag, behalwe vir die feit dat die jongmense die dominees 4-1 in die sokkerwedstryd geklop het, en 'n paar dominees met klere en al in die swembad beland het.

Nederland - korrespondent : Ds Axel Hagg



Al twee maande is verby sedert die laaste Nederlandse kerknuus u as *Kompas*-lesers bereik het. Verlede keer was daar nie soveel opvallende of noemens-

waardige nuus nie. Hierdie keer ook nie regtig nie. Dit beteken nie dat hier niks gebeur nie, intendeel. Maar groot invloedryke gebeurtenisse bly uitstendig. Daarom 'n reënboog van verskillende korterige nuusbrokkies uit die kerke hier in Nederland...

Om te begin was daar begin September 'n redelike onrustigheid onder predikante oor die (on)toereikbaarheid van die emeritaatsfonds. 'n Klomp "gewone" pensioenfondse in Nederland het nie meer 'n voldoende "buffer" gehad om die groot aantal mense wat op pensioen gaan, te kan betaal nie. Met die gevolg dat die regering ook elke kerkgenootskap verplig het om sy eie "pensioenfondse" te evalueer. Opvallende opskrifte in die koerante, soos: "40 miljoen euro nodig vir vrijgemaakte emeritaat", het menige predikant en kerkrad na hul emeritaatsafsprake laat gryp. Ook die VSE, wat die vrijgemaakte emeritaat behartig, moes duidelik maak hoe sake staan. Die rus het weer teruggekeer toe duidelik was

dat die VSE nie 'n "pensioenfonds" in die letterlike sin van die woord is nie, maar slegs 'n spaarfonds. En dus ook nie 'n deur die owerheid verpligte buffer hoef op te bou nie. En dat elke gemeente en kerkrad by die VSE kan aanklop om hulp, maar in beginsel wel self verantwoordelik is vir die emeritaat van haar eie predikant.

Dan het ook die bekende jaarlikse "Schooldag" in Kampen weer plaasgevind. Opvallend is die nuwe karakter daarvan. Nie meer groot getalle belangstellers uit die gemeentes nie, maar slegs diegene – hoofsaaklik ouer mense – wat in die teologiese wêreld belangstel. Die ongeveer duisend besoekers op dié dag is toegesprek deur 'n verskeidenheid van sprekers: prof G den Hartog (van die teologiese universiteit in Apeldoorn, CGK) en prof M te Velde (TUK) het gepraat oor "Verbindt Bijbel en leven". Dr Patrick Nullens van die Evangeliese Theologiese Faculteit in Leuven (België) het 'n lesing gehou oor "Evangelicalisme en de Bijbel". Twee TUK-dosente, dr Ad de Bruijne en dr Wolter Rose, het verskillende visies in die kerke oor homoseksualiteit bespreek. En die teoloog Reinier Sonneveld het 'n lesing gehou oor "Theologie buiten de pastorie", waarin hy probeer aandui het dat die 'systematisch kwaad' deel van die wêreld is, maar baie keer gemasker is, waardeur ons dit nie altyd herken nie (bv. die vervaardiging van selfone deur kinderarbeid onder slegte omstandighede).

Dan was daar ook 'n kort beriggie oor vier gesinne wat die GKv in Goes verlaat het vanweë verontrusting en hulself by die voorlopige nuwe kerkverband van ds L Heres, ds R v/d Wolf en ds E Hoogendoorn aangesluit het. Geen reaksie vanuit die kerke nie...

Wel was daar reaksie op die volgende: "Die GKv gaan deelneem aan die Nasionale Synode, want daar is meer entoesiastiese reaksies as wat daar kritiek in die kerke is", aldus die voorsitter van die deputaatskap Kerkelike Eenheid, ds Henk Messelink. Behalwe vir die oud-sinodevoorsitter ds Arie de Snoo, ds Messelink en prof B Kamphuis, sal in totaal vyf-en-twintig vrijgemaakte-gereformeerdes – jonk, oud, man en vrou – hierdie algemeen protestantse forum op 10 en 11 Desember in die Grote Kerk in Dordrecht blyw. Deelname aan hierdie Nasionale Synode het wel vir kritiek gesorg, veral in die GKv-tydskrif *Nader Bekeken*. Verskillende predikante, saam met twee oud-hoogleraars van de TUK, het kritiek gelewer op die beplande 'credotekst' wat deur die Nasionale Synode uitgegee gaan word. Ander is van mening dat, as dit net 'n forum is, daar geen probleem is om dit by te woon nie. Maar dat, as dit 'n sinode is, soos

die Dordtse Nationale Synode in 1618-19, die bywoning daarvan onaanvaarbaar is.

Verder is bekend dat die GKv-kerk in Wijnjewoude (Friesland) na 65 jaar sy deure gesluit het. Die gemeente is opgehef a.g.v. te min lidmate. Die redes daarvoor is die "vergrysing" en ontvolking van die Nederlandse platteland. Ook het twee groter GKv-gemeentes in die omgewing, Siegerswoude-Frieschepalen en Ureterp (met 'n eie gereformeerde laerskool), aantrekkingskrag uitgeoefen. In die eerste helfte van die jaar het ook die gemeente van Damwoude haar deure gesluit. Daardie gemeente het uitmekaar geval.

Dan iets heel opvallends: "'n GKv-predikant moet liewers nie langer as ses jaar in dieselfde gemeente predikant wees nie." Dit skryf die deputaatskap "Dienst en Recht" in 'n beleidsverslag wat deur die eerskomende algemene sinode van die GKv in Harderwijk bespreek gaan word. "Dienst en Recht" het haarself die afgelope paar jaar intensief besig gehou met die funksionering van predikante in die GKv. Hierdie deputaatskap het ook in verskillende konflik-situasies tussen predikant en kerkraad as bemiddelaar opgetree. Te min verandering van gemeente lei volgens die deputaatskap tot konflikte. Dan ontstaan daar eensydighede, tonnelvisies en word die dinamiek van die gemeente belemmer, groei word beperk en die ontwikkeling afgerem. Elke

predikant en kerkraad moet dus na ses jaar evalueer of hul samewerking nog sinvol is. Dan sou gesoek kon word na ander moontlikhede, soos mobiliteits-ondersteuning deur die deputaatskap "Dienst en Recht". Hulle lê dan kontak tussen kerkrade en predikante wat wil uitwissel. Verder is die deputaatskap van mening dat GKv-predikante verplig moet word om op 'n jaarlikse basis hulself by die TUK te laat "byskool".

En dan nog ten slotte 'n interessante ontdekking: Kerkhistorikus prof EA de Boer het in die argiewe in Genève tien tot nou toe onbekende oorspronklike tekste met die uitleg van die boek Josua deur Johannes Calvyn gevind. Die tekste wat hy gevind het, kom uit die reeks Bybelstudies oor die boek Josua wat Calvyn van Junie 1563 tot Januari 1564 geskryf het. Op 'n weeklikse basis het die predikante van Genève saamgekom vir Bybelstudie. 'n Steno-graaf het aantekeninge gemaak en later 'n verslag uitgeskryf. Daar was al 'n ander reeks kommentare oor Josua bekend, in skoonskrif geskryf, maar kommentaar oor Josua 22 in die reeks was nog steeds nie gevind nie. Dit is ook nou ontdek en prof De Boer is besig om dit te verwerk.

Soos ek in die begin gesê het: 'n reënboog van verskillende nuusbrokkies...

Tot 'n volgende keer!

Die DOOP VERSTRENGEL in DOGMA?

Leer & Lewe

Is dit nie teenstrydig dat gereformeerdes, met hul pragtige belydenis oor die kinderdoop, dikwels soveel moeite het met die verstaan daarvan nie?

Die Drie Formuliere van Eenheid is tog júis opgestel om ons te help om die waarheid te kan uitdra en bewaar? Hoekom lyk dit dan soms eerder 'n belemmering te wees as 'n hulpmiddel?

Ondersteuners van die sogenaamde "grootdoop" sê sonder skroom: só sê die Bybel - jy moet tot bekering kom en jou laat doop.

En dit is waar - Petrus sê dit duidelik in Handeling 2.

Maar omdat ons weet dat die Bybel baie meer sê, en ons dit moeilik kan verwoord, reageer ons dan (tereg) met *belydenistaal*: die doop is ook *teken* en *seël* van die verbond; dit het in die plek van die besnydenis gekom. Daarom doop ons ook kinders. Terwyl ons dit sê klink dit in ons eie ore soos *tale Kanaäns* - kerktaal wat alleen binne die gereformeerde denke verstaan word, maar waarmee 'n buitestaander nie gehelp word nie.

Tog wil ek dit uit die staanspoor duidelik stel dat dit nie die belydenis se skuld is dat ons

hanteringsprobleme daarmee het nie. Dit het te make met die manier waarop ons met die belydenis omgaan.

Van jongs af kom ons in aanraking met die Bybel. Reeds as kind word ons met behulp van 'n geïllustreerde kinderbybel vertrou met die geskiedenis van Abram, Isak en Jakob. Ons leer Dawid ken, Salomo en veral die Here Jesus self.

Maar sodra ons oor die leer van die kerk onderwys word, gaan die hulpmiddels toe. Ons het nie 'n *kinderkategismus* nie. Ons duik in die wêreld van formele kerktaal,

sonder illustrasies of *graphics* - die Heidelbergse Kategismus is nie bepaald gebruikersvriendelik nie. En hoewel die belydenis bedoel is as hulpmiddel om die Skrif te verstaan, 'n bril waardeur ons die Skrif duideliker kan lees, kyk ons in die bril vas.

Ons leer die uitdrukkings van die belydenis goed ken ... geregtigheid van God; 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue; swaarste aanvegtinge (verstaan kinders wat dit is?) en, wat die doop betref, 'n sakrament, 'n bad van wedergeboorte, ens. Maar ken ons die Skrif daaragter, wat die belydenis juis wil ontsluit, ewe goed?

Sodra ons oor die leer van die kerk onderwys word, gaan die hulpmiddels toe

Op kerkisasie ontmoet ons die doop in die gedaante van 'n *sakrament*. Saam met die nagmaal stoor ons die begrip in ons geheue met 'n aantal etikette: teken, seël, verbond, Roomse kerk, betekenende saak, kinders. Ons skep 'n uitgewerkte dogmatiese prentjie.

Maar hoewel ons dan die *begrip* "doop" ken, is ons nie vertrouwd met die manier waarop die Bybel oor die doop praat nie. Want in die Bybel soek ons tevergeefs na 'n uitgewerkte doopleer. Daar is in die Evangelies en Handelingte geen sistematiese uiteensetting oor die doop nie - alleen die vertelling van gebeurtenisse waarby die doop bedien is. En in die apostoliese briewe vind ons dieselfde: geen volledige omskrywing nie; alleen maar verwysings na bepaalde aspekte. En wat ons belydenistaal betref: die term *sakrament* kom nêrens in die Bybel voor nie. Dié term is 'n hulpmiddel wat die Christene in die vroeë kerk ingevoer het en

wat dui op twee genademiddele: doop en nagmaal. Ook lees ons nêrens van 'n *betekenende saak* nie. Kortom, tussen die woorde van die Nuwe Testament en ons vandag lê eeue van dogmatiese verwerking en sistematiesing.

Tussen die woorde van die Nuwe Testament en ons vandag lê eeue van dogmatiese verwerking en sistematiesing

Nou moet ons teen twee dinge waak. Ons moet die belydenis nie die skuld gee vir sy oënskynlike opdringerigheid en daarom teen die gebruik daarvan begin pleit nie. Ons wig dit meestal sélf tussen ons en die Skrif in. Aan die ander kant moet ons die belydenis nie maar net kritiekloos aanvaar nie - dit is op die Woord van God gebaseer en dit spreek dit na, maar is daarom nog nie *self* Woord van God nie.

Nee, ons moet juis telkens weer vanuit die Woord van God deurdink oor die geloof van die kerk soos dit in die belydenis vasgelê is, om so antwoorde te vind op die vrae wat op ons afkom. As ons dit nie doen nie, verklaar ons die belydenis tot 'n roerlose monument, en word die getuie van die kerk morsdood.

God het ons sy Lewende Woord gegee - nie 'n versameling formules wat ons foutloos moet napaar nie. Maar ons mag dit met verligte oë van die Gees ondersoek, daarvoor nadink en dit verkondig. En dit doen die kerk met sy eie taal: belydenistaal. Daarmee mag ons iets laat sien van die groot en verruklike skildery van die Skrif, maar sonder om die aandag van die Skrif weg te neem.

As ons dus gaan nadink oor die doop (en in besonder die kinderdoop), dan begin ons by die Skrif. En soos reeds gesê moet ons nie

soek na 'n definisie of 'n sistematiese behandeling nie - dit bestaan nie. Ons sal die gegevens oor die doop een-een moet ondersoek in samehang met die verband waarin dit genoem word. En selfs dan is dit moeilik om die volle betekenis van die doop te verstaan. Ek wil ook probeer aantoon hoe die verskillende aspekte van die Skrif se openbaring oor die doop hul beslag gekry het in ons belydenis.

Die doop is in sigself 'n eenvoudige teken. Om te doop is om te was. Water is van ouds af gebruik vir die reiniging van die liggaam, en die simboliese gebruik daarvan het die mens nog altyd verstaan. So lees ons in Esegël 36:25 e.v. dat die Here skoon water op die volk Israel sal uitgiet sodat hulle *gereinig* word van al hulle dregode. Ons kan hier ook dink aan Levitikus 16, waar water reeds tesame met bloed gewys het op die versoening wat God bewerk. En hoewel die bediening van die doop later, in die Nuwe Testament, op allerlei maniere beskryf word, bly hierdie eenvoudige kern waar: deur die doop word ons gereinig.

Nou is reiniging oorbodig as ons nie vuil is nie; of, anders gestel, as God ons nie as vuil beskou nie. Daarop wys die beeld van die wassing dus eers: ons is vuil. Saulus het homself nie vuil geag terwyl hy 'n vervolger van die gemeente en 'n yweraar was vir die oorleweringe van sy voorvaders nie (Gal 2:13,14) - totdat Christus hom op pad na Damaskus neergeslaan het. Daar is die sondige mens in hom gedood. *Ek leef nie meer nie*, sê hy later in Galalasiërs 2. Maar tegelyk het God vir hom 'n toekoms ontsluit: hy was gekies om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig (Hand 9:15). *En Saulus het opgestaan en is gedoop*. 'n Heel eenvoudige vermelding van 'n geweldige omkeer in sy lewe.

En dit is nou juis waarop die doop op dui - die reiniging van ons sonde, wat ons losmaak van die greep van God se toorn en ons oorplaas in die lig van sy liefde en genade. Die doop werp ons in die toekoms in - ons was verlore, maar ons mag weer (en vir altyd) lewe! En dit alles ter wille van die bloed van Christus. Iemand skrywe met verwysing na Romeine 6:3 : die eintlike doop het plaasgevind aan die kruis van Golgota; dit vertel van en leef uit hierdie verlossing.

Die eintlike doop het plaasgevind aan die kruis van Golgota

Hieroor is die Skrif baie duidelik. As die Jode, diep in hul hart getref deur die getuigenis van Petrus op

die Pinksterdag, vra wat hulle moet doen, dan sê Petrus: *bekeer julle*, m.a.w. maak 'n ommekeer in jul lewe, en laat *julle doop tot vergewing van sonde* (Hand 2:38). Hier vind ons al drie begrippe bymekaar: *reiniging, ommekeer en doop*. Dieselfde woorde gebruik Paulus as hy in Handandeling 22:16 terugverwys na sy kragdadige bekering. Hy vertel dat Ananias vir hom gesê het: *waarom versuim jy? - staan op, laat jou doop en jou sondes afwas*.

Gaan lees nou 'n slag Sondag 26, vraag en antwoord 69. Sien u hoe die boodskap van die Skrif in die vraag weerklank kry? Die kategismus stel heel eenvoudig dat Christus vir ons gesterf het en ons sondes afgewas het, en dat ons doop daarvan getuig. Kom ons kyk ook na die Nederlandse

Geloofsbelydenis, art 34. Daar lees ons in die tweede paragraaf: *Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, so bewerkstellig die bloed van Christus ... dieselfde inwendig in die siel: ...dit reinig dit van sy sondes*.

Die belydenisgeskrifte is onder verskillende omstandighede en met ander aksente opgestel. Maar ons vind in sowel die kategismus as die NGB dieselfde taal: suiwer Skriftuurlike taal oor die doop, wat wys na die afwassing van ons sondes.

Addy van der Lugt is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Die AARD en die BELANG van die TWEEDE diens as leerdiens

Leer & Lewe

Skrifbeginsels en historiese ontwikkeling

In die Vrye Gereformeerde Kerke word die tweede diens in die algemeen goed bygewoon. Beskou ons egter die ongewildheid van die bywoning van die tweede erediens in ons land, kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit nie byval vind nie, dat dit selfs vir baie lidmate uit kerke van gereformeerde belydenis 'n las geword het.

Om die belangrikheid van die leerdiens in die gereformeerde kerklike lewe te verreken, is dit egter belangrik om dit enersyds vanuit Skrifbeginsels oor die inkleding van die Sondag as die Dag van die Here, en andersyds

vanuit Skrifbeginsels oor die onderrig van die leer van die Evangelie te beskou. Dit is verder belangrik om dit teen die agtergrond van die gereformeerde kerklike lewe in die sestiende eeu, veral in Nederland, te beoordeel.

Om te verstaan waarom dit so swak ingang gevind het in Suid-Afrika, moet ewe-eens die konteks van die kerk in ons land nagegaan word. Uit die enkele bronne wat hieroor geraadpleeg is, kan afgelei word dat daar in die kerk aan die Kaap wel Kategismusprediking plaasgevind het, maar meesal ongereeld, en is dit verdring deur 'n supranaturalistiese gees wat alles wou toets aan die menslike rede. Die fokus het

op spog-gerige "leerredes" van verstande-like vermoëns en welsprekendheid geval.

Vir jare moes daar in die NGK se meerdere vergaderings gerapporteer word of daar twaalf Kategismuspreke in 'n gegewe jaar gelewer is. Die plattelandse gemeentes het 'n sukkelgang gehad om die gemeente vir 'n tweede keer op 'n Sondag bymekaar te bring, en afstande en boerdery-faktore is aangevoer. Die Gereformeerde Kerke het uit die staanspoor erns gemaak met die Kategismus en het vroeg teruggekeer na Kategismus-prediking.

Ou en Nuwe Testament

Die beginsels wat die leerdien begrond, het ou papiere. Die verbondskinders moes in die vrees van die Here onderrig word, byvoorbeeld Deuteronomium 6:4-7 en Psalm 78:5 en verder. Die sinagoge was 'n "leerhuis".

Die Nuwe Testament fokus op die leer van die Apostels waarin die gemeente onderrig is – dit beteken die gemeente is in die evangelie onderrig, byvoorbeeld Handeling 2:42 en 1 Timotheüs 1:10,11. Daar word gefokus op die kennis van God en van Jesus Christus want sodoende word vrug gedra en die Here behaag, Kolossense 1:9,10. Die liefde vir God en mekaar neem toe waar die gemeente oorvloedig word in kennis en ervaring, Filippense 1:9. Dit loop uit op dae van liefde en diensbaarheid, 2 Korintiërs 8:7. So word die hele gemeente in liefde opgebou, Efesiërs 4:11-16. Die begrip "kennis" staan in Ou en Nuwe Testament in verband met ons verhouding met God, met glo en liefhê, bv 1 Johannes 4:7.

Die onderrig in die leer sluit aan by die geestelike bevattingsvermoë van die gemeente, 1 Korintiërs 3: 1-2. Herhalende onderwys van die evangelie is noodsaaklik, Hebreërs 5:11,12. Onderig het ten doel dat die gelowiges in die waarheid bly en die valse leer verwerp, byvoorbeeld 1 Timotheüs 6:20-21 en 2 Timotheüs 1:13-14.

Geskiedenis van die leerdien

Reeds in die vroeë kerk is die bekeerlinge uit die heidendom voorberei met die oog op hulle doop. Die onderrig in die geloof, die wet, die gebed en die sakramente het reg deur die Middeleeue plaasgevind. In die opsig is die Reformatoriese leerdien geen nuwigheid nie.

In Duitsland het Maarten Luther sy preke oor die Wet, die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Onse Vader gebed en die sakramente in sy Groot Kategismus in 1529 gepubliseer. Dit was preekmodelle vir predikante om oor die hoofpunte van die leer te preek. Die kinders is uit die Kleiner Kategismus onderrig.

Die Tweede Kategismus van Calvyn het in 1542 in Genève verskyn en het 55 Sondagafdelings gehad om te preek. In Genève was daar drie dienste per Sondag. By die tweede diens op die middaguur is die Kategismus aan die kleiner kinders onderrig. Die preek het gehandel oor die leerstof van die Kategismus. Kinders moes die afdeling uit die Kategismus opsê. Hulle moes vrae beantwoord om aan te toon dat hulle die preek verstaan. Die skoolmeesters en die vaders het die kinders vergesel en ook die ander lidmate was verplig om die diens by te woon.

Dit was in Nederland waar die leerdien goeie inslag gevind het. Reeds by die konvent van gereformeerdes in 1568 te Wesel is besluit dat die leerpreke noodsaaklik was om die verbondskinders te onderrig, en deur die Sinode van Dordt in 1618/19 is dit verplig gestel.

In die Formuliergebede van die Nederlandse gereformeerde kerk vir voor en na die prediking van die Kategismus word pragtig sin gegee aan die onderwysing van die leer: In die belydenis gaan dit om die genoegsaamheid van die Woord. Die gemeente bid om die werk van die Heilige Gees om die Woord te verstaan en daardeur regeer te word. Dit sal lei tot eendragtige diens aan die Here in heiligheid en geregtigheid.

Uit die gebed na die onderwys uit die Kategismus staan dit vas dat

die onderrig aan die verbondskinders in die midde van die gemeente plaasvind. Die band tussen leerdien, die kinders en hulle doop is onlosmaaklik. Die ouers en die gemeente word betrek by die onderrig van die leer in terme van hulle antwoord op die doopvraag en hulle verantwoordelikheid om hulle kinders te leer bid. Enersyds word gebid dat die hele gemeente deur die onderrig na Christus toe groei, andersyds dat die ryk van Christus in die gemeentes mag kom (let op die meervoud – daar word aan die opbou van die kerke gesamentlik gedink).

Samevatting: Kenmerke van die leerprediking

1. Dit behoort Woordbediening te wees – verskillende Skrifgedeeltes sowel as die Kategismus behoort gelees te word. In elke "leerstuk" spreek die hele Skrif mee.

2. Die betroubaarheid en eenheid van die Skrif behoort die eenheid van die skriftuurlike leer te onderbou. Die Skrif bestaan nie uit 'n samevoegsel van 'n aantal waarhede nie, maar is die een openbaring van God.

3. Dit behoort prediking van die hele Bybel ten opsigte van 'n bepaalde leerstuk te wees, soos dit deur die kerk bely word. So word die belydenis as persoonlike belydenis van die geloof ingeskerp by die gemeente.

4. Die Kategismus en die ander belydenisskrifte bevat nie 'n mensgemaakte leer nie, maar stem in alle opsigte ooreen met die leer wat in die Skrif aan ons geopenbaar is. Die Evangelie van genade wat die saligheid verkondig kom in elke "leerstuk" na vore.

5. Die Bybel is die samehang van God se openbaring in Christus en is dus een teks wat gepreek word.

6. Die volheid van God se openbaring is nie in die Kategismus nie, maar in die Bybel. Weer gesê: Kategismusprediking word gekenmerk daardeur dat dit verkondiging van God se Woord is.

7. Die hele raad van God behoort verkondig te word, Handeling 20:27. Deur die Kategismus of een van die ander belydenisskrifte op die voet te volg van voor tot agter, word hierdie doel nagestreef.

Samevatting: Belangrikheid van die leediens

1. Die katkisasieklas kan die leerpreek nie vervang nie, in die preek kom die leer van die evangelie na ons toe as verkondiging, in die katkisasieklas kan in besonderhede in 'n gespreksituasie, leermeester en leerling, ingegaan word op aspekte van die leer.

2. Die leediens met die hele gemeente rondom die verbondskind, vorm die konteks waarbinne die kategetiese plaasvind. Die onderwys van die leer aan die verbondskinders is nie 'n privaat-aangeleentheid van die predikant en die katkisante nie, ook nie van ouers, predikant en katkisante nie, maar van die hele gemeente wat mekaar ondersteun, bemoeidig en leer.

3. Die leediens kyk terug na die doop en vorentoe na die belydenis van geloof en begelei die gelowiges om in die leer te volhard. Met die belydenis arriveer die gelowige nie in volledige kennis van Christus nie, maar bly vir die lewe saam met die broers en susters aan die voete van die Meester.

4. Die kader van die leediens en die liturgie daarvan is onderwys: dit gaan oor die geloof wat onderlig en die geloof wat geleer word. Die gemeente kom saam om

geleer te word, want hulle wil hulle laat leer.

5. Die gemeente gaan kerk toe om te glo, te verstaan, versterk en opgebou word in gelowig dink en wandel.

6. Die gemeente leer die Bybel lees op 'n konfessionele wyse, dit is op 'n heilshistoriese wyse. Daardeur word die identiteit van die gemeente bevorder, om gereformeerde kerk te wees, kerk van die Woord, reformerend.

7. Die gemeente leer om te bely en te verantwoord, om die Skrif uit te lê en te verdedig, deur vanuit die teks die geloof te formuleer. Vanuit Christus en sy werk word die gelowige toegerus vir sy lewe in diens van Christus.

8. Die leediens behoort 'n sterk evangelisasie- en sendinggerigtheid te hê. Die Kategismus leen hom uitstekend daartoe. Dink maar aan die verklaring van die wet.

9. Ware ekumene word bevorder deur die leediens. Wanneer die leer gepreek word in die kerke, sowel in die sendende as sendingkerke, word ware eenheid in Christus gesoek. Dit stig kerkverband. Die leediens behoort so vroeg as wat moontlik is op die sendingterrein ingevoer te word.

10. Die eenheid van leer sowel as lewe word benadruk, die kunsmatige skeiding wat dikwels gemaak word tussen leer en lewe, kan juis deur aktuele leerprediking wat die hart raak, oorkom word.

11. Die leediens vul die Dag van die Here op die regte wyse met die aspekte van toewyding en diens aan die Here, Skrifstudie en die opbou in die geloof. Wat is mooier as om by aanroeping van die Naam van die Here en by

verkondiging van God se Woord versterk te word in die gemeenskap met die Heer en met mekaar, deur onderwys te word in die leer? So berei die leediens die gemeente voor vir die erediens van volgende Sondagoggend.

Ds Hannes Breytenbach is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk en het onlangs 'n beroep aanvaar na die gemeente in Bethal.

Kersliedjie

Drie outas het in die haai
Karoo die ster gesien en die engel
geglo,

hul kieries en drie bondels
gevat en aangestryk met 'n
jakkalspad

al agter die ding wat
skuiwend skyn op 'n plakkie, 'n klip, 'n
syferfontein,

oor die sink en die sal van
Distrik Ses waar 'n kersie brand in 'n
stukkende fles,

en daar tussen esels en
makriel die krip gesien en
neergekniel.

Die skaapvet, eiers en
biltong nederig gelê voor God se
klong

en die Here gedank in
gesang en gebed vir 'n kindjie
wat ook dié volk sou red ...

DJ Opperman..

Dienende mannen en vrouwe

Boekbespreking

Dienende mannen en vrouwe

in het huwelik en in die kerk, deur JJ Schreuder
Woord en Wereld-reeks nommer 85, 82 bls.

Gelykheid vir mans en vroue is hier en daar onder diskussie in die kerk. In groot dele van die wêreld buite die kerk is hierdie diskussie uiteraard alreeds gevoer en in ander dele word die diskussie nie nodig geag nie, omdat die vrou as ondergeskik beskou en gehou word.


Hierdie boekie van ds Schreuder verdedig die ou standpunt met betrekking tot die verhouding man/vrou in die huwelik en in die kerk.

Voordat ons na die inhoud kyk, eers 'n kort opsomming:

- Hoofstuk 1 stel wat die probleem is: die praktyk in die kerk verskil sterk van dié in die samelewing, dus is dit nodig om aandag hieraan te gee.
- Hoofstuk 2 kyk na die voorvrae: hoe gaan ons nou om met Bybeltekste wat duisende jare oud is?
- Hoofstuk 3 behandel die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.
- Hoofstuk 4 behandel die verhouding tussen man en vrou in die kerk.
- Hoofstukke 5, 6 en 7 is baie kort en gee nog 'n bietjie aandag aan die ampte.

Skepping of kultuur?

Die skrywer verdedig die 'klassieke' siening dat die man die hoof is van sy eie vrou. Hierdie siening is uiteraard altyd afgelei uit die Bybel. Kan ons die siening nog handhaaf? Ja, sê die skrywer, want hierdie feit van die leierskap van die man is 'n skeppingsgegewe en gaan aan elke kultuur vooraf. Die man is eerste geskape, hy kry opdragte, hy is verantwoordelik, en Paulus skryf die eerste sonde aan hom toe en nie aan Eva nie (Rom 5). Die leierskap van Adam het by die skepping begin, voor die sondeval, as instelling van God (bl 26). Tegelyk is man en vrou van gelyke waarde en die feit dat die vrou aan Adam as hulp gegee word, doen niks daarvan af nie. Adam kry nie 'n bediende nie, maar 'n gelykwaardige persoon wat hom moet bystaan in sy dienende leierskap. Ook die Here word ons hulp genoem in die Psalms en dit maak nie van die Here 'n ondergeskikte van ons nie, volgens die skrywer.



Man en vrou in Ou en Nuwe Testament

Die skrywer behandel vervolgens die verhouding man/vrou in die Ou en Nuwe Testament. Maar voor hy dit doen, kom eers die sondeval aan die orde. Wat het die sondeval gedoen aan die perfekte verhouding tussen man en vrou wat God

geskape het? Is Genesis 3:16 – "...na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers" – maar net 'n bevestiging of herhaling van die skeppingsorde? Die skrywer kom wel tot hierdie konklusie op bl 27, maar noem ook dat nie almal hierdie uitleg oortuigend mag vind nie. Ook ons vind dit nie oortuigend nie, want as niks verander het wat betref die verhouding man/vrou nie, hoekom moes die Here dit dan herhaal? Hierdie uitspraak van God staan in die ry van vervloekings wat Hy uitspreek as gevolg van die vloek wat oor die skepping gekom het. Ook die liefdevolle leierskap van die man sal ontspoor en ontaard, en die vrou sal dit ervaar. Maar die instelling van die begin bly gehandhaaf en die vloek word nie 'n nuwe opdrag nie.

Wat kan ons verder leer uit die Ou en Nuwe Testament oor die verhouding man/vrou? Die gevolge van die sonde is inderdaad baie sigbaar in die Ou Testament. In baie gevalle was daar geen gelykwaardigheid meer nie, so was byvoorbeeld die strawwe op owerspel verskillend by mans en vroue; gelykwaardigheid bly egter die doel, wat die skrywer hoofsaaklik aflei uit die boek Hooglied. Wat die Nuwe Testament betref kom die verhouding man/vrou en Christus/gemeente uiteraard breedvoerig aan die orde. Die man is oor sy vrou gestel soos Christus oor die gemeente. Elke man wat besef wat Christus vir sy gemeente gedoen het en tot watter offer Hy bereid was, sal dit nie waag om baas te speel oor sy vrou nie. Koue gesag kan alleen warm dienende liefde-

volle leierskap word as dit geskoei is op Christus se voorbeeld van dien en as almal vervul is met die Gees (bl 37).

Op hierdie stadium sou 'n mens graag 'n bietjie meer praktiese inkleuring in die boekie wou sien. Hoe werk dienende leierskap in die praktyk in 'n Christelike gesin (met of sonder kinders)? Ook in die kerk ontspoor gesinne omdat mans koue gesag uitoefen of omdat vroue geen of min inisiatief neem nie. Dienend leierskap is verseker nie dat die man altyd die rigting bepaal nie. Dit wys miskien eerder daarop dat die man homself opoffer sodat die ander party ten volle haar taak en talente kan uitleef. Soos genoem, 'n bietjie meer uitwerking sou welkom wees.

Man en vrou in die kerk

In die Ou Testament was omtrent al die werk in en om die erediens gereserveer vir mans. Is dit in die Nuwe Testament nog so? Nee, volgens die skrywer. In Handeling 2:17-18 lees ons dat die Gees oor almal gekom het, ook dogters en vroue sal profeteer. En in die res van Handeling lees ons hoe ook vroue hulle insette lewer. "Gelykwaardigheid en die roeping om mekaar te dien in pleks van oor mekaar te heers, behoort uitgangspunt te wees in al ons denke oor die plek van man en vrou in die kerk" (bl 52). Maar daar is nog iets volgens die skrywer, want "van die begin af is daar ook 'n ander lyn ... God het Adam hoof gemaak van die mensheid, hy moes in liefde leiding gee". Die diepste rede vir hierdie twee lyne (gelykwaardigheid en manlike leiding) lê volgens die skrywer in die betekenis van God se Drie-eenheid. Christus as een Persoon van die Drie-eenheid het gekom om gehoorsaam die werk te doen wat die Vader Hom opgedra het. Totale gelykheid dus, maar tegelyk gehoorsaamheid. Hierdie gedagte word in slegs 'n paar sinne uitgewerk op bl 52 en klink vir ons nie baie oortuigend nie. As Paulus in 1 Korinthiërs die posisie van man en vrou uitwerk, beroep hy hom weer op die skeppingsorde en nie op die Drie-eenheid nie. Op bl 62 kom hierdie gedagte nog 'n keer terug, maar word ook daar nie verder uitgediep nie. Die gedagte word van fundamentele belang geag deur die skrywer, maar so terloops bespreek, 'n vreemde kombinasie.

Wel behandel die skrywer vervolgens die posisie van man en vrou in die gemeente aan die hand van 1 Timotheüs 2 en 1 Korinthiërs 11 en 14. 'n Probleem by die verstaan van hierdie gedeeltes is natuurlik dat ons eredienste heelwat anders verloop as in Paulus en Petrus se tyd. Ons gee net die skrywer se konklusies van die behandeling van 1 Timotheüs 2 en 1 Korinthiërs 11 en 14 weer. Kort saamgevat leer die hoofstukke ons dat die vrou alles in die eredienste en in die kerk mag doen behalwe geestelike leiding gee

en met gesag onderrig gee. Hierdie sake is aan mans toevertrou, volgens die skrywer.

Ouderlinge


Na bostaande is dit nie meer nodig om baie te skryf oor die oopstelling van die ouderlingskap vir vroue nie. Die taak van ouderlinge (en predikante as spesiale ouderlinge) bestaan uit twee dienste, naamlik geestelike leiding gee en met gesag onderrig gee, en dit is net weggelê vir mans. Maar, merk die skrywer op: "Ons moet steeds oppas dat ons nie die ampsbegrip wat ons ontwikkel het, as 'n sjabloon oor Bybeltekste gaan lê nie" (bl 78). Met ander woorde, ons het baie take bygevoeg by die amp van ouderling wat buite die twee genoemde dienste val, en, sê ons, susters kan nie ouderling wees nie, dus val daardie take ook buite dit wat susters kan en mag doen. Gevolglik is die laaste hoofstuk in die boek: "Meer is moontlik". Meer is moontlik in die kerk, ook deur susters. En ook in die kerk van Paulus en Petrus se tyd **was** meer moontlik, met name deur susters.

Konklusie

Die boekie sluit af: "As ons so as mans en vroue dienend besig is in liefde vir Christus en vir mekaar, dan kan daarvan 'n getuienis uitgaan na buite". Help die boekie ons verder met die diskussie oor die verhouding man/vrou in die huwelik en in die kerk? In sekere sin nie, want dit herhaal die siening wat reeds algemeen gangbaar is in heelwat Gereformeerde kerkgemeenskappe; en die vermelding van die Drie-eenheid as van fundamentele belang bring ons nie verder nie, omdat dit nie eintlik uitgewerk word nie.

Aan die ander kant kan dit ons wel help, want dit gee in die vorm van 'n klein leesbare boekie 'n oorsig van wat die skeppingsorde beteken met betrekking tot die verhouding man/vrou en maak ons oë oop vir moontlike skeefgroei oor wat mans **moet** doen en wat vroue **kan** doen in die gemeente.

Diny en Tjeerd de Wit is lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.



PRAKTIESE riglyne vir MEDIESE noodgevalle

Medies

Dit is nou weer die tyd van die jaar: ons is opgewonde, want dis vakansietyd, ons gaan heerlijk ontspan! Maar... enige nood-situasie kom onverwags en elkeen van ons moet voorbereid wees en nie dink dit sal nooit met my gebeur nie!

Net soos wat ons geestelike voedsel nodig het, het ons ander kennis om ons lewe te verbeter, ook nodig. Ongelukkig is seerkry, siekte en die dood deel van ons lewe as gevolg van die sondeval. Daar is genoeg voorbeelde in die Bybel waar Jesus mense gesond gemaak het. Dink maar aan die verlamde man of die seun van die weduwee. Almal van ons het al êrens in ons lewe kennis gemaak met die minder lekker deel van die lewe! Ek hoop dat die artikel eendag vir u van hulp sal wees!

Noodbehandeling – kardiopulmonêre resussitasie (KPR)

As jy in so 'n noodsituasie betrokke is, is dit belangrik om te onthou: veiligheid kom altyd eerste. Dit help nie jy kry self seer en kan sodoende nie die persoon help nie, veral as jy die enigste een is wat kan help! Bly kalm en kyk wat jy voor jou sien. Hoe lyk die omgewing, hoe lyk die pasiënt. Praat hy nog of lê hy met sy oë toe.



As hy nie reageer nadat jy op sy skouers getik en met hom gepraat het nie, druk sy kop agteroor en luister naby sy mond terwyl jy na sy bors kyk of hy asemhaal.




In die geval van babas moet jy seker maak dat die kop nie te ver agteroor gaan nie, want dit maak die lugweg weer toe.

Skakel onmiddellik die nooddienst – maak seker dat jy hul nommer ken!

Voel vir 'n pols op die keel vir ten minste 5 sekondes. 'n Persoon kan bewusteloos wees en selfs ophou asemhaal vir 'n paar minute en nog steeds 'n polsslag hê. As hy nie asemhaal nie, blaas dan 2 keer in sy mond terwyl sy kop agteroor gehou word. Indien daar ook geen pols is nie, sit jou twee hande met die palms van jou hande op die borsbeen regoor die keel van die persoon en met jou middelvinger regoor die nippellyn en druk 30 keer vinnig afwaarts. Maak seker jou arms is reguit en jou skouers reg bo die borsbeen en druk die borskas diep in. By ouer mense sal daar meestal 'n paar ribbes breek om die gewenste effek te kry. Herhaal die proses van 2 blase met die 30 drukke heeltyd totdat hulp opdaag of tot daar tekens van lewe is, soos braking, hoes of asemhaling. Draai die persoon

onmiddellik op sy sy as daar tekens van lewe is en maak hom toe met 'n kombors.

As jy in 'n situasie is waar 'n kind of 'n baba nie meer asemhaal nie, sal jy dieselfde prosedures volg as vir die volwassene, behalwe dat jy net met een hand op die borsbeen druk vir 'n kind en vir 'n baba net met 2 vingers op die borsbeen net onder die nippellyn. Die blase moet net genoeg wees om die borskas op te lig.



Die liggaam kompenseer

Ons liggaam is wonderlik deur ons Hemelse Vader geskape. Selfs as iets fout gaan binne-in, probeer die brein te kompenseer vir die verlies van suurstof. Jou asemhaling en hartklop gaan outomaties vinniger raak om meer suurstof na die brein te sirkuleer. Jou vel sal koud, klam en bleek raak, want die bloetoevoer na die vel word verminder om sodoende meer bloed na die brein, hart en longe te sirkuleer. So ook word die sirkulasie na die spysverteringstelsel verminder om dieselfde rede. Die pasiënt sal kla van naarheid en heel moontlik begin braak. Sy bewussynsvlak sal daal. In die eerste fase raak hulle deurmekaar en as niks aan hul toestand verander word nie, sal hulle slaperig en dan bewusteloos raak.

As jy net die tekens kan herken, dan weet jy die persoon is besig om in skok in te gaan en benodig dringend mediese hulp! Moenie tyd mors nie!

Hartaanval

Met 'n hartaanval kan daar 3 verskillende pyne ervaar word: drukkende gevoel, brandgevoel (soos sooibrand) of 'n stywe gevoel. 'n Beroerte-pasiënt sal kla van 'n swakker gevoel of heeltemal verlam raak aan die een kant. Meestal is daar 'n geskiedenis van hoë bloeddruk of erge hoofpyne wat nie onder beheer gehou kan word nie.

Verdrinking en verstikking

Van die mees algemene noodsituasies wat voorkom, is verdrinking en verstikking by babas en kinders. Soms is dit moeilik vir die ouers om kalm te bly en te weet wat die regte ding is om te doen. In my tipe werk hoor 'n mens baie dat die ouers net die kind in die voertuig gelaai en deurgejaag het hospitaal toe. Ongelukkig kan ons breinselle na 4-6 minute sonder suurstof alreeds skade kry. Omdat kinders en babas gewoonlik respiratoriese probleme optel, is dit noodsaaklik om so gou as moontlik suurstof na die brein te kry. Kry die kind uit die water, draai hom/haar op die sy om sodoende die meeste water uit die lugweg te kry, en begin dadelik met die noodbehandeling (KPR) wat in die eerste gedeelte bespreek is!



As jou kind verstik en nie kan praat of selfs nie kan hoës om die vreemde voorwerp uit te kry nie, gaan sit of staan agter die kind (afhangende van sy grootte) en plaas jou vuus net bo die naeltjie en druk vinnig in- en opwaarts, sodat die lug wat nog in die longe is, die voorwerp kan uitdruk.

Jy moet 'n baba wat verstik, op sy maag draai met die kop laer as die lyf, gesig in jou handpalm gestut, sodat jy 5 rugklappe kan gee met die palm van jou hand, terwyl jy die baba op jou arm laat lê.

By enige persoon, ongeag sy/haar ouderdom, wat nie asemhaal nie, begin jy dadelik met KPR.

Veiligheid kom altyd eerste - maak seker jy ken die nommer van nooddienste!

Verkeerde behandeling

Ongelukkig het ons soveel verskillende kulture en invloede van vorige generasies wat verkeerde behandeling vir baie noodsituasies gegee het. Sodoende is die pasiënt se verblyf in die hospitaal soveel langer. Dis belangrik om die mense met wie jy werk of vir jou werk, in te lig wat die regte prosedures is!

Wondversorging

Tydens my opleiding moes ek in die brandwonde-eenheid werk. Daar het ek weer eens gesien hoe oningelig baie mense is. Kinders met tweede-graadse brandwonde (blase met rooiheid en swelling) is ingebring met botter, kondensmelk, eiers of tandepasta, ens. daarop. Ongelukkig is infeksie en vogverlies die grootste gevaar met brandwonde. As jy nie *burnshield*, 'n spesiale produk vir brandwonde, het nie, gebruik asseblief net water om die wond

af te koel! As die kind simptome van skok ontwikkel, het hy/sy dringend mediese hulp nodig!

By enige oop wonde wat lyk of dit steke nodig het, plaas direkte drukking op die wond en verbind dit om sodoende die bloeding te stop. Moet asseblief niks in die wond sit nie!

Opsomming

Dus om op te som: as jy iemand moet help in 'n noodsituasie, onthou die volgende reëls:

1. Veiligheid eerste en bly kalm
2. Kyk vir asemhaling
3. Bel die nooddienste
4. Begin met behandeling

Wakker pasiënte kan in 'n sittende posisie gehou word, terwyl bewustelose pasiënte – m.a.w. die pasiënte wat nie reageer as jy met hulle praat nie, maar wel asemhaal – op hul sy gedraai moet word. As hy op sy maag lê, hoef jy hom nie te draai nie, want sy lugweg is alreeds oop. By pasiënte wat nie asemhaal nie, moet jy KPR begin (blaas en druk op borsbeen). Maak seker die pasiënt het nie 'n pols nie voordat kompressies op die bors begin word. As hy koud kry, sit 'n kombers oor hom; as hy warm is, koel hom af. Behandel altyd dit wat jy sien. Die liggaam vertel vir jou wat nodig is.

Ek hoop dat u dit nooit nodig gaan kry om te doen nie, want dit beteken dat iemand seergekry het.

Wees voorbereid en onthou: God is in beheer van alles!

Hilsje van der Vinne is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

IETS vir die Desember-VAKANSIE

Kuns & Kultuur

Met die Desember-vakansie wat nou op hande is, is daar 'n bietjie meer tyd vir ontspanning. Wat is dan lekkerder as om 'n goeie boek te lees of film te kyk? Hierdie keer 'n paar voorstelle.



'n Nie-fiksieboek:
Zonder twiifel: Pieter Jongeling (1909-1985) - Journalist, politicus en Prins deur Herman Veenhof, De Vuurbaak, Barneveld; ISBN 9789055604210; E24,90

Baie *Kompas*-lesers het verseker in hulle jeug die **Snuf de Hond**-reeks van die skrywer **Piet Prins** baie geniet. Honderd jaar na sy geboortedag het Herman Veenhof 'n biografie oor hom geskryf. Piet Prins, of liever Pieter Jongeling, was 'n baie interessante man en dit is beslis die moeite werd om sy biografie te lees. Behalwe skrywer was hy ook die bekendste verteenwoordiger van die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland in die jare sestig en sewentig. Nie alleen het hy man-alleen hulle eie koerant *Gereformeerde Gezinsblad* vol geskryf nie, maar hy was terselfdertyd parlamentslid vir die *Gereformeerde Politiek Verbond*.

Jongeling is gebore in Winschoten in Groningen, Nederland. Sy pa was 'n onderwyser, maar sterf al vroeg aan tuberkulose. Die gesin ken **swaarkryjare**, maar Pieter Jongeling kry dit reg om in die aande vir onderwyser te leer en hy begin later as joernalis werk.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog beland Jongeling in die **konsentrasiekamp** Sachsenhausen. In hierdie kamp het die gemiddelde gevangene nie langer as 9 maande gelewe nie. Jongeling oorleef dit drie jaar. Self sien hy dit as die beskerming van die Here. Die voedselpakkette en briewe van sy vrou bereik hom elke tweede week. Ook dit was uitsonderlik. Veenhof het vir sy navorsing toegang gekry tot die meer as 200 briewe wat hy en sy vrou vir mekaar geskryf het toe hy in die konsentrasiekamp was. Baie keer in 'n soort kodetaal omdat die Duitse sensuur sekere inligting nie wou deurlaat nie. Dit is ontroerend om te sien hoe 'n mooi liefde daar tussen Jongeling en sy vrou Klazina was en wat terloops tot hulle dood toe stand gehou het. Tydens die oorlog

vind die Vrymaking plaas en Jongeling volg die hele gebeure deur die bladsye uit die kerklike tydskrifte te lees waarin sy vrou die kos wat sy aan hom gestuur het, verpak het. Toe die Duitsers al amper verslaan is, word die konsentrasiekamp verskuif.

'n "Dodemars" van totaal uitgeputte, verhongerde kampgevangenes volg. Dit is verskriklik om te lees van die ontberings waaraan hulle onderworpe was. Ook dit oorleef Jongeling en hy en sy vrou kon weer verenig word.

Joernalis

'n Tydjie na die Vrymaking begin Vrygemaakte kerklede met hulle eie koerant, die *Gereformeerde Gezinsblad*. Aanvanklik skryf Jongeling self onder verskillende skuilname die hele koerant vol: Bybeloordenings, opiniestukke, buitelandse oorsigte, blokkiesraaisels, vervolghverhale vir die jeug. Net die rubriek vir die vrou is in die beginjare nie deur homself geskryf nie – sy vrou het ingespring. Die koerant het gegroei en Herman Veenhof, die skrywer van hierdie biografie, is tans 'n redakteur by die opvolgkoerant van die *Gereformeerde Gezinsblad*, die *Nederlands Dagblad*. Jongeling was bekend vir sy maklik toeganklike styl. Sy opinievormende hoofartikels het baie invloed op die denke van die Vrygemaaktes in daardie jare gehad.

Politikus

Die Gereformeerde Kerken vrijgemaakt het ook hulle eie politieke party gestig, die *Gereformeerde Politiek Verbond (GPV)*. Met net een en later twee setels in die parlement was hulle politieke mag gering. Tog word Jongeling se bydraes deur politieke voor- en teenstanders waardeer. Tydens die jare dat hy die GPV verteenwoordig, het die party heelwat meer stemme getrek as net vrygemaaktes. Hy het probeer om in die eerste plek iets van God se plan met die wêreld uit te dra.

Prins

Miskien word Jongeling vandag nog die meeste onthou as skrywer van kinderboeke onder die skuilnaam Piet Prins. Daar is al meer as 3 miljoen van sy kinderboeke verkoop en dit word vandag nog steeds gelees. **Snuf de hond** – sy bekendste reeks – is ook onlangs verfilm (terloops – hierdie film stel baie teleur). Jongeling het aanvanklik sy boeke geskryf as vervolghverhale vir sy koerant. Soms het hy sommer daaraan gewerk tydens vervelige debatte

in die parlement. Hy moes mos die volgende bydrae vir môre se koerant klaar hê. Sy boeke is lekker-lees spanningsverhale waarin hy ook iets van die hand van die Here wil laat sien.

Suid-Afrika

In die begin van die jare sewentig maak Jongeling saam met sy vrou, op uitnodiging van die regering, 'n reis na Suid-Afrika. 'n Sin soos: "Tussen de bedrijven door eten ze 'braaivleis' by families die namen hebben als Haak, Goedhart en Boessenkool" sal by sommige *Kompas*-lesers verseker herkenning oproep!

... hulle eet braaivleis by die families Haak, Goedhart en Boessenkool ...

Zonder twiifel

Waarom gee Veenhof aan sy biografie die titel *Zonder twiifel*? Hy beskou die geloofsekerheid van Jongeling klaarblyklik as sy kenmerkendste eienskap. In die politiek en in die manier waarop Jongeling sy gedagtegoed uitgedra het in die breër samelewing, was dit opvallend hoe versekerd hy was oor die geloof.


Maar Jongeling se Godsvertroue kom miskien die sterkste na vore in die manier hoe hy die verskrikings van die konsentrasiekamp en dodemars moes hanteer. Toe 'n medegevangene hom tydens die dodemars vra waarom God hulle so laat ly, is sy antwoord: "Is dit nie miskien sodat ons onself aan Hom moet vashou nie, selfs al sou ons te gronde gaan? Dan verheerlik ons sy Naam, ook al sou ons hier aan die kant van die pad sterf."

Opvallend was aan die ander kant ook die versekerdheid en miskien gebrek aan refleksie ook in ander sake as die geloof. Van sy tydgenote het dit as 'n sekere mate van naïwiteit en eenvoudigheid aangedui. Dit moet egter ook in 'n historiese konteks gesien word. In die tyd van die Vrymaking is daar veral klem gelê op die sekerheid van die geloof in kontras met die veronderstelde wedergeboorte. Boonop het hulle hulself versit teen 'n soort modieuse twyfel wat hulle toegeskryf het aan die invloed van Karl Barth.

Veenhof se biografie oor Jongeling is baie **boeiend en lees maklik**. Veenhof het goed navorsing gedoen en kon van baie nie voorheen gepubliseerde materiaal gebruik maak. Hy het ook met baie mense rondom Jongeling onderhoude gevoer, radio-fragmente weer beluister, ens.

"'n Interessante boek wat 'n mens boonop meer insig in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerken vrijgemaakt gee."

(Hierdie boek is beskikbaar in die Gereformeerde leesbiblioteek in Pretoria)



'n Fiksieboek:

Môrester (2004), deur Pamela Jooste, Umuzi, ISBN 9781415200421, R145

Morestêr is die verhaal van twee susters, bruin Kaapse meisies, wat wees grootword aan die einde van die apartheidsera. In 'n samelewing wat hulle reeds eenkant toe uitskuif,

loop hulle ná hul moeder se dood teen 'n ander muur van vooroordele vas: hul ma het onder haar stand getrou en haar suster, hulle antie Olive, wil hulle nie inneem nie. Hulle word in die weeshuis gestop. So het Rose en Ruby Jacobs van jongs af **net mekaar gehad om op te steun**. Deur die weeshuis en anderkant uit hou dit hulle bymekaar, onder die wrede tong van antie Olive, deur huwelike en verhoudings – hulle bly onafskeidbaar. Die verhaal word afwisselend uit die oogpunt van Ruby en dan weer van Rose vertel. So leer 'n mens elke meisie se karakter en perspektief op die gebeure ken.

Môrester

Ruby onthou hoe baie haar ma daarvan gehou het as sy vir haar die gesang "**Star of the Morning**" sing. Sy haal 'n herinnering op:

"Ek was een van die kindertjies wat lief was vir hulle Verlosser en by die Sondagskool het hulle my vertel dat ek sy 'Star of the Morning' sou wees, die môrester in sy kroon. Ek sou pragtig skyn en 'n helder juweel in sy kroon wees. Dis wat hulle my belowe het. Dis wat my ma graag gehoor het. 'Jy sal wees Ruby' het sy dan gesê. 'Jy sal al daardie dinge wees. Wag net en kyk en jy sal sien ek was reg.'"

Twee beloftes

Op haar ma se sterfbed laat sy Ruby as die oudste dogter belowe dat sy altyd sal bly omsien na Rose. Hierdie **belofte** kom Ruby haar hele lewe lank na, maar daar is die ander belofte wat haar baie meer probleme gee:

"'Jy kan altyd op die Here vertrou, Ruby,' het sy gesê. 'Hy maak nooit foute nie. Jy moet belowe dat jy dit nooit sal vergeet nie. Gee my jou woord.'"

Sy het dit belowe, maar in haar kinderlike geloof het sy ver wag dat die Here vir haar situasie 'n uitsondering sou maak. Hy sal nie haar ma wegvat nie. Toe haar moeder egter wel sterf, voel sy God het sy rug op hulle gedraai. Die **opstand** in haar is so groot dat sy niks meer met God te doen wil hê nie. As oudste suster neem sy die leiding en **intimideer** haar jonger suster om ook afstand van die Here te neem. Dit is vir haar jonger sussie moeilik. Rose versug: '...As sy (Ruby) net haar vertrouwe in Jesus gestel het... As sy net haar mond wou oopmaak en Hom herinner dat sy nog daar is, sou Hy iets gedoen het om al's reg te maak. Maar ek het dit nie vir haar gesê nie, want dis nie wat sy wou hoor nie.' Ruby wil nooit meer 'n voet in die **kerk** sit nie. Dit bly 'n sensitiewe saak tussen die susters, ook later toe hulle volwasse word en Rose stadig maar seker haar pad terug na die kerk soek.

Selfs op haar **sterfbed** bly Ruby onversetlik: 'Ek het eenmaal op God gewag, maar Hy het nooit gekom nie. Dit het my toe gepla en dit pla my nou nog meer. Dit is verkeerd om 'n gek te maak van 'n kind wat sulke geloof het. Ek het toe my *mind* opgemaak en ek sien nou geen rede om dit te verander nie. Ek het God vir baie jare nie gepla nie; ek sal Hom nou ook nie pla nie.'

Na Ruby se dood voel Rose ongelooflik hartseer sonder die sussie wat nog altyd by haar was. Tog voel sy ook bevry van die intimidasie: "As ek oor God praat en sê hoe geseënd ek is, sê ek oor my skouer: 'Ek kan nou oor God praat, Ruby, en jy kan niks doen om my te keer nie.'"

Sy twyfel ook of Ruby regtig so onversetlik teenoor God was as wat sy voorgegee het. Hoekom het die bladwyser in die dagboek met Skrifoordeenkings wat Ruby nog by haar ma geërf het, dan so geheimsinnig aangeskuif?

"Ek sou pragtig skyn en 'n helder juweel in sy kroon wees"

Pamela Jooste

Pamela Jooste het opgegroeï in die Kaap waar haar ouers 'n hotel by die **Kaapse Dokke** gehad het. Sy ken die milieu waaroor sy skryf, goed. *Môrester* is aanvanklik in Engels uitgegee onder die titel *Star of the Morning*. Die vertaling is uitstekend – dit is glad nie hinderlik nie.

Die boek is goed geskryf – die skryfster het nie verniet 'n **Common Wealth-prys** gewen met 'n vorige boek *Dans met die armmandogter* nie.

Môrester is nie 'n uitgesproke Christelike boek nie, maar dit leer 'n mens wel baie oor menseverhoudings en ook oor die gevolge van 'n **verkeerde Godsbeeld**. As God net 'n God van liefde en seën is, is dit moeilik om te aanvaar dat daar ook ernstige beproewings kan kom en dit lyk dan of Hy nie die goeie met ons voor het nie. Of om dit met die Kategismus te sê: "dat reën en droogte, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy vaderhand ons toekom."

(Hierdie boek is beskikbaar in die Gereformeerde leesbiblioteek in Pretoria)



'n Film:

I am David (2003)

Regisseur: Paul Feig;
90 min

Sewe jaar na die Tweede Wêreldoorlog **ontsnap David uit 'n Stalinistiese werkkamp** in Bulgarye. Hy het omtrent sy hele lewe daar gewoon en die kamp is sy enigste verwysingsraamwerk. Hy het net 'n kompas, 'n stuk brood, 'n verseëde brief en die instruksie om daardie brief na Denemarke te bring. Hierdie reis na Denemarke is terselfdertyd 'n ontdekkingsreis. Hy ontdek die wêreld buite die kamp, maar vind ook uit wie hy self is. Omdat hy omtrent sy hele lewe in 'n kamp opgesluit was, moes hy al sy gevoelens onderdruk. Hy vertrou niemand nie en voel verlore en gedisorïenteerd in die wêreld. Gedurende sy reis ervaar hy gevaar, angs, eensaamheid, honger en ontmoet hy verskillende mense. Maar hy leer ook vir die eerste keer vryheid ken. Hy ontdek kleure, geure, smake – alles dinge wat ons as vanselfsprekend beskou. Hy leer ook stadig maar seker om te glimlag en begin selfs iemand vertrou.

Die film is gebaseer op 'n baie bekende kinderboek: *I am David* (1963), wat deur die Deense skryfster **Anne Holm** geskryf is. Die boek is in baie tale vertaal en beslis die moeite werd om te lees. Maar as 'n mens eers die boek lees, sal die film dalk teleurstel. In 'n film gaan gewoonlik tog 'n gedeelte verlore.

'n Voorbeeld daarvan is David se **soeke na God** wat in die boek 'n belangrike rol speel, maar in die film na die agtergrond verskuif. David, wat in 'n kommunistiese kamp opgegroeï het, het geen kennis van God nie behalwe enkele flardes wat hy opgevang het van

'n **Psalm 23**. As naamgenoot van die digter van daardie psalm wil hy die God dien van die groen weivelde en helder waterstrome, soos wat dit in die psalm beskryf word. In verskillende situasies roep hy God om hulp en God help hom dan. In die film word daardie soeke na die God van Psalm 23 vervang met 'n prentjie wat David van 'n Roomse heilige het. Hy kry by 'n bakker 'n prentjie van St. Elizabeth, die beskermheilige van die bakkers. David glo dat sy hom beskerming en leiding kan gee en soek sy toevlug by daardie heilige. Waarskynlik is dit so gedoen omdat dit visueel meer aanspreek, maar dit is jammer dat op daardie manier 'n belangrike tema uit die boek verlore gaan.

"A hymn to ordinary happiness"

David kom ook op ander maniere in aanraking met God. Hy besoek 'n kerk en kom onder die indruk van 'n koor wat 'n pragtige gesang sing. Hy eet ook saam met 'n gesin wat bid voor ete. Hy het kommunisties opgegroeï en is gevolglik glad nie daaraan gewoond nie. Stadig maar seker begin God ook 'n steeds belangriker deel van sy lewe word.

'n Mens leer saam met David weer met ander oë na die wêreld om ons kyk. Al die gewone dinge wat ons

as vanselfsprekend aanvaar, maar wat dit nie is nie, leer 'n mens **opnuut waardeer**.

'n Stuk seep, 'n lekker lemoen, liefde, om God te ken – deur David se oë sien 'n mens weer die wonder daarvan in. Of soos 'n filmkritikus die film mooi beskryf:

"A hymn to ordinary happiness – which those in the free world take for granted... Rare indeed to find a serious film that is also moving, historically accurate, well-made and appropriate for the whole family..."

– Mona Charen

Die film het verskeie pryse ontvang, waaronder 'n CAMIE Award. CAMIE is 'n akroniem vir "Character And Morality In Entertainment".

Die film is geskik om met die gesin te kyk, alhoewel dit vir jonger kinders dalk te intensief sal wees. Daar is nie geweld in die film nie, maar dit word wel geïmpliseer.

Jenny Boon is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

LAUSANNE III

In Pers-pektief

Ons vier Kersfees, ruim 2 000 jaar na die geboorte van Jesus in Bethlehem. Die blye boodskap aan die herders het soos 'n vloedgolf in hierdie 2 000 jaar oor die wêreld gestroom. Maar mense beweer ons leef nou in 'n "na-Christelike" tyd. Die Christendom het sy rol gespeel. Watter Christene maak hulle nog warm vir die uitdra van die evangelie in 'n wêreld wat blykbaar niks meer met die Christendom te doen wil hê nie? Ons los graag die taak vir sendelinge, sendingsdeputate en sendingkommissies. Maar dan is dit goed om weer bewus te raak van wat alles op die gebied van sending en evangelisasie in die wêreld gebeur. En as dit ook nog sake is wat 'n Christen moet gee, dan kan dit ons dalk aanspoor om meer betrokke te wees en self by te dra aan die groot taak van die kerk.

Lausanne III in Kaapstad

Een van die grootste sending-kongresse van hierdie dekade is onlangs in Suid-Afrika gehou. Dit was die Lausanne III-kongres wat van 16 tot 25 Oktober in

Kaapstad plaasgevind het. Ongeveer 4 000 deelnemers uit 198 lande van die wêreld het dit bygewoon (dus amper elke land in die wêreld was verteenwoordig). Vanuit Suid-Afrika het ongeveer 100 deelnemers die konferensie bygewoon, deurgaans van evangeliese kerke soos die AGS, maar ook bv. van die NG Kerk. Op ongeveer 600 plekke in die wêreld kon ook ander belangstellendes deur middel van elektroniese kommunikasie die verrigtinge volg.

Agtergrond van die Lausanne-kongres

Dr Isak Burger van die AGS het in *Beeld* van 18 Oktober 'n kort oorsig gegee van die kongres en sy agtergrond. Neels Jackson berig oor die toespraak van prof Michael Herbst in *Die Burger* van 19 Oktober. Dr Braam Hanekom, moderator van die NG Kerk, het sy indrukke weergegee op sy webwerf www.nuusperspektief.co.za. Verdere inligting oor die Lausanne-beweging en van hulle publikasies kan gevind word op hulle webwerf www.lausanne.org.

Die eerste Lausanne-kongres is gehou in die gelyknamige Switserse stad in 1974, op inisiatief van die bekende evangelis Billy Graham. Daar is ook die *Lausanne-beweging* opgerig, wat Christelike evangelisasie en sending op 'n permanente grondslag ondersteun, publikasies versorg en die kongresse reël. Die eerste kongres is 15 jaar later gevolg deur die Lausanne II-kongres in Manilla op die Filippyne (1989). En dan was dit nou, 21 jaar later, Kaapstad se beurt om die derde kongres aan te bied (Lausanne III).



Besinning oor sendingsroeping

Dr Burger meld dat hierdie kongresse 'n bepalende rol speel om die hart en denke van die evangeliese kerke wêreldwyd weer op hulle sendingsroeping te fokus. Daar is 'n noodsaak om steeds weer te besin oor die roeping, rol en strategie om die evangelie uit te dra. Twee-derdes van die wêreldbevolking moet nog met die evangelie bereik word – voorwaar 'n groot taak.

Die oogmerk van die Lausanne-beweging word geformuleer in die *Covenant* (Verbond), wat deelnemende kerke onderskryf en waarvan 'n deel soos volg lui: "Ons glo dat die evangelie die goeie nuus van God vir die hele wêreld is en ons is oortuig deur sy genade om Christus se opdrag te gehoorsaam om dit aan alle volke te verkondig en om dissipels van elke nasie te maak".

Om oor hierdie opdrag verder te besin, het die deelnemers aan die Forum vir Wêreld-evangelisasie van 2004 meer as 30 studiestukke geproduseer (wat LOP's genoem word, LOP = Lausanne Occasional Paper). Hier LOP's gee 'n oorsig, teologiese begroning, strategieë en gevallestudies vir sending. So is LOP3 opgestel deur ds John Stott, rektor-predikant van die bekende All Souls Kerk in Londen van 1950 tot 1975 en voorsitter van kommissie wat die *Covenant* in 1974 in Lausanne geformuleer het. LOP3 bevat die uitwerking van die *Covenant* onder 15 kern-temas, insluitende sake soos Christelike sosiale verantwoordelikheid, sending en kultuur, en opleiding en leierskap.

Verwondering en ootmoediging

Dr Burger meld dat die Christelike kerk internasionaal en getallegewys nou vinniger groei as ooit tevore. "Daar koms tans meer mense per dag tot bekering as in enige ander stadium gedurende die afgelope 2 000 jaar. Wanneer 'n mens in hierdie opsig hoor wat gebeur in China, in Suid- en Sentraal-Amerika en op ons eie vasteland, slaan jy in dankbaarheid en verwondering jou hande saam. Aan die ander kant is daar ook groot uitdagings waardeur die kerk globaal in die gesig gestaar word. Soos die pynlike werklikheid dat die kerk in die meeste Westerse lande veld verloor. Daar is ook die oënskynlik mindere sending-sukses in Moslem-beheerde lande."

"Aan die een kant is daar 'n groot dringendheid by die afgevaardigdes dat Jesus se Groot Opdrag volledig uitgevoer en afgehandel moet word. Dit was immers die finale voorwaarde wat Hy self gestel het voordat sy wederkoms sal plaasvind. Tweedens is daar 'n diepe ootmoed en nederigheid te bespeur, wel wetende dat die kerk in baie opsigte in die verlede misluk het en dat ons diep afhanklik is van die werk van die Heilige Gees."

Teenstand teen die evangelie

Jackson haal prof Michael Herbst van Duitsland aan, waar Herbst die volgende sê: "Die gedagte van 'n enkele waarheid is nie gewild in die huidige sekulêre wêreld nie. Hoogstens praat mense van persoonlike oortuigings. Mense wat glo net hulle het die waarheid beet, kan gevaarlik raak. Mense hou nie van diegene wat dink hulle is altyd reg omdat hulle die enkele waarheid het nie. In die proses ontstaan daar 'n nuwe waarheid, en dit is dat daar nie iets soos die waarheid bestaan nie. Daarmee saam gaan die oortuiging dat almal wat in 'n enkele waarheid glo, stilgemaak moet word. Herbst het egter gesê as jy in Jesus Christus as die enkele waarheid glo, kan jy nie daarvoor stilbly nie. Mense van ander gelowe het soortgelyke oortuigings. Die vraag is net of jy jou oortuiging vreedsaam of met mag oordra."

Verlossingsboodskap van Jesus Christus

Dr Hanekom meld dat twee sake hom by die kongres in Kaapstad getref het. "Die eerste is die verlossingsboodskap van Jesus Christus. Dit is ongelooflik inspirerend om die getuie van minderheidsgroepe te hoor wat in die grootste vervolging denkbaar, met 'n sekerheid weer en weer opstaan om die verlossingsboodskap van Christus te verkondig. Daar is die getuie van 'n 18-jarige dogter wie se pa in Korea vermoor is en nou teruggaan soontoe om sy werk voort te sit, welwetend dat dieselfde lot haar ook moontlik sal tref. Ek het oor Paulus sit en wonder: Wat gebeur met jou, watter boodskap gryp jou so

aan dat jy bereid is om letterlik daarvoor te sterf?
Nee, nie om 'n paar rand vir die kerkbasaar te gee
nie, maar om letterlik daarvoor te sterf?"

Relevante bediening

"Die tweede wat my tref is – voortvloeiend uit die eerste – die nuwe brandende passie om die nood van ons huidige wêreld aan te spreek.. Versoening, geregtigheid en eenheid is hoog op die agenda. Daar word gepraat oor verstedeliking (50%+ van die wêreld woon tans in stede en dit groei daagliks); Tim Keller se aanbieding hieroor was uitstekend. As ons nie 'n boodskap vir die stad het nie en nie bedienings kan ontwikkel wat daar relevant is nie, het ons irrelevant geword. Ek sien 'n wêreldkerk wat die evangelie van Christus skaamteloos verkondig, omdat daar geglo word dat dit die waarheid is en die konkrete hoop vir die wêreld is."

Boodskap vir ons

Hoewel ons sendingwerk ons eie kerklike paaie loop, laat ons nie vergeet van die werk van die Heilige Gees deur ander Christene en kerke nie (vgl. ook Fil 1: 18). Ons vier dat Christus in hierdie wêreld gebore is. Hy het ook gesterf vir ons sondes, het opgestaan, regeer die wêreld en bring heil vir alle mense wat in Hom wil glo. Laat ons moed skep, in oortuiging van die roeping van Christus en die krag van die Heilige Gees, en die evangelie verkondig waar en wanneer ons kan.

Hans Moes is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

1960	<i>Geloofd sy God met diep ontsag, want Hy oorlaai ons dag aan dag met ryke seëninge Psalm 68: 9</i>	2010
<p>Dankbaar en bly hoop ons 31 Desember saam te vier dat die HERE ons (groot)ouers 50 jaar saam gegee het.</p> <p>Jan W. Meijer & Gerda C. Meijer-Breteler</p> <p>Enno en Herma Alicia en Erik Wian Carlien Joas</p> <p>Heske Erik Erwin en Tiny Laura Joeri Juliët</p> <p>Wieke en Bert Rudi en Debora Eduan en Josephine Gerdien en Menno Jacobert Marnix</p> <p>Elsbeth en Herman Herno Maricia Wicus Xander Jorienke</p> <p>Gerieke Gabriël Wieke</p> <p>Wie hulle met hierdie huweliksherenking wil gelukwens, is welkom op Vrydag 14 Januarie 2011 van 11:00 tot 12:30 in die kerkgebou van die VGK Pretoria.</p>		

Die volk wat in die donker wandel

Die volk wat in die donker wandel,
oor hulle het 'n lig geskyn:
Die Christus, Lig oor alle lande,
laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig;
hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik
waar hul met U oorwinning smaak.

Die juk wat swaar op ons gedruk het,
het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het,
verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore,
'n Seun het U aan ons gegee -
die heerskappy is op sy skouer,
met mag en eer is Hy bekleed.

Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader;
Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade
sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde,
versterk dit deur geregtigheid -
met ywer sal Hy dit bevestig
van nou af tot in ewigheid.



GORDONSBAAI - HOOGENOEG

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5
persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings
kontak ons by:

www.hooggenoeg.co.za

jettysalomons@telkomsa.net

082 320 6577 of 021 856 0736

Piet en Jetty Salomons



selfsorg-eenheid vir
maksimum 4 persone.

Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/

of ingridkl@iafrica.com

of 021 910-2260

Gert & Ingrid Klapwijk



Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos.willie@hurterspies.co.za

BOEKENUUS



NUWE BOEK:



Wie heeft dit alles geschapen? / P Niemeijer

Het geheim van de schepping

Verlede jaar was dit 200 jaar gelede dat Charles Darwin gebore is en 150 jaar gelede dat sy boek *On the origin of Species by Means of natural Selection (1859)* die lig gesien het. Hierdie publikasie het in die ontwikkeling van die ewolusieteorie 'n groot rol gespeel.

In hierdie nuwe publikasie in die *Woord & Wereld*-reeks gee ds Niemeijer aandag aan die verhouding tussen geloof en wetenskap aan die hand van Genesis 1. Hy gee ook aandag aan die verband van Genesis 1 met die res van die Bybel. In hoofstuk 5 gaan hy in teen die ewolusionisme wat die ontstaan van alles, buite God en die Bybel om, wil verklaar. In die laaste hoofstuk gee ds Niemeijer aandag aan die tydskuur van die 6 dae in Genesis 1 en ook oor die ouderdom van die aarde en die heelal. (W&W 86 – R 120)



NUWE BOEK:




CNT Hebreeën. Geloven is volhouden / H R van de Kamp

'Naar boven kijken waar Christus is gezeten aan de rechterhand Gods en naar voren kijken, richting de eeuwige stad. De schrijver beroept zich daarbij voortdurend op het Oude Testament om

de climax van Gods openbaring in de nieuwe tijd van Jezus Christus te duiden. Dit document is daarom van groot belang voor de vraag hoe Christenen van de nieuwe tijd omgaan met de heilige Schriften van het oude verbond.' (R 410)

LEKKERLEES-BOEKE VIR DIE VAKANSIE :



This was John Calvin / Thea B van Halsema

Hierdie publikasie vertel die verhaal van die lewe van die hervormer. Johannes Calvyn kom, vir oud en jonk, tot lewe in hierdie boek. Die talle gegewens oor sy persoonlike lewe wat

in sy briewe en geskrifte behoue gebly het, word in hierdie verhaal verwoord. Hierdie boek is reeds in 1959 geskryf. Dit is reeds die vyfde druk in Engels (2010) en is ook al in

Spaans, Portugees, Koreaans, Chinees, Indonesies en Japannees vertaal. "The most lively and readable biography of Calvin available in English." (224 bladsye – R 155)



Granate bloei in Jerusalem / Marzanne Leroux-Van der Boon

Granate bloei in Jerusalem is 'n liefdesverhaal, maar met die tema van Marc, 'n jong kunstenaar, se soeke na Jesus (Yeshua) binne die eietydse historiese raamwerk van politieke Palestyns-Israeli-konflik ingeweeft.

Marc gaan na Jerusalem om sy Joodse ouma, Ruwth, te ontmoet en sy eie Joodse wortels na te speur. Hy vind so sterk aanklank by die Joodse geloof dat hy verstrengel raak in 'n geloofstryd — bestaan Jesus regtig? Te midde van geweld en selfmoord-bomaanvalle kry hy Rivkah, die dapper Jodin, lief. Terug in Suid-Afrika moet hy die chaos in sy hart probeer orden: Is hy Christen of Jood? Suid-Afrikaner of Israeli? Sien hy kans om sy aan sy met geweld en onrus in Israel te leef — al is dit saam met Rivkah? En wie is Yeshua (Jesus)? Bestaan Hy werklik?

Die volgende boeke volg op bogenoemde:

- **Hatikvah: Land van hoop / Marzanne Leroux-Van der Boon**
- **Shommer Yisrael: Beskermer van Israel / Marzanne Leroux-Van der Boon**
- **Teferet Yisra'el: Die Roem Van Israel? Marzanne Leroux-Van der Boon**

(Pryse wissel tussen R 55 en R 130)



FOLMER BOEKHANDEL

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

Folmer Boekhandel (Kaapstad)

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)

Laseandrallaan 115, Moregloed, 0186
Tel/faks: 012 333 8064
e-pos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout

folmerboek@telkomsa.net Tel/faks: 012 543 3597

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:

Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Willemien Kleijn
Irene van der Meer

Subredakteurs:

Leer & Lewe:
Douwe Drijfhout
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Sending & Evangelisasie:
Irmarië Bosman
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente-Bijker

Redaksieadres:

Laseandralaan 115
Moregloed 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gerefor-meerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

● **Ds P Abrahams :**

Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
pabrahams@webafrica.org.za

● **Ds C Kleijn :**

Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
dkleijn@vgk.org.za

● **Rev BA Matlaela :**

Soshanguve Noord; tel 073 241 9963

● **Rev T Mogale :**

19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
kgwadumogale@vodamail.co.za

● **Ds HH van Alten :**

Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
hvvanalten@vgkmaranata.org.za

● **Ds E Viljoen (leenpredikant vir 2010):**

Koedoestraat 33, Bethal 2310; tel 017 647 6881 / 084 440 2428
emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

● **Ds DM Boersma :**

Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
dmbboersma@vgkmaranata.org.za

● **Ds PG Boon :**

Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
pgboon@vgkmaranata.org.za

● **Dr JA Breytenbach :**

Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
hmbreytenbach@gmail.com

● **Ds T de Boer :**

Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
tdeboer@vgkmaranata.org.za

● **Rev MP Magagula :**

575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
magagula@telkomsa.net

● **Rev J Mhlanga :**

Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
jmhlanga@vgkmaranata.org.za

● **Rev GF Mnisi**

Soshanguve; tel 072 237 2412

Koste vir die plasings van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30

